- (f) die vervanging van die omskrywing van “gevaarlike goedere” met die volgende omskrywing:

“gevaarlike goedere” voorwerpe of stowwe wat beduidende risiko’s vir gesondheid, veiligheid, [of] eiendom of die omgewing kan meebring wanneer dit per lug vervoer word en wat op die lys gevaarlike goedere van die Internasionale Burgerlugvaartorganisasie se Tegnieiese Instruksies vir die Veilige Vervoer van Gevaarlike Stowwe voorkom of volgens daardie Instruksies geklassifiseer word;”;

- (g) die vervanging van die omskrywing van “ongeluk met gevaarlike goedere” met die volgende omskrywing:

“ongeluk met gevaarlike goedere” beteken ’n [ongeluk] gebeurtenis wat geassosieer word en verband hou met die vervoer van gevaarlike goedere per lug wat tot noodlottige of ernstige besering van ’n persoon of groot skade aan eiendom of die omgewing lei;”;

- (h) die vervanging van die omskrywing van “voorval met gevaarlike goedere” met die volgende omskrywing:

“voorval met gevaarlike goedere” beteken ’n voorval anders as ’n ongeluk met gevaarlike goedere wat geassosieer word en verband hou met die vervoer van gevaarlike goedere per lug, en, vir die doeleindes van Deel 92, besering van ’n persoon, eiendoms- of omgewingskade, brand, breekskade, storting, uitlek van vloeistof of straling insluit of ander bewys dat die integriteit van die verpakking nie gehandhaaf is nie of wat die lugvaartuig of

die insittendes daarvan ernstig in gevaar stel;”;

- (i) die invoeging van die volgende omskrywings na die omskrywing van “aan land gaan”:

“ontsmetting” ’n prosedure waarmee gesondheidsmaatreëls getref word om besmetlike verwekkers op ’n menslike of diereliggaam, in of op betrokke dele van lugvaartuie, bagasie, vrag, goedere of houers deur middel van direkte blootstelling aan chemiese of fisiese agente te beheer of dood te maak;

“disinseksie” ’n prosedure waarmee gesondheidsmaatreëls getref word om insekte wat in ’n lugvaartuig teenwoordig is, te beheer of dood te maak;

- (j) die vervanging van die omskrywing van “ondersoek” met die volgende omskrywing:

“ondersoek” [met betrekking tot ongelukke en voorvalle] vir die doeleindes van Deel 2, ’n proses wat vir die voorkoming van ongelukke uitgevoer word [en] wat die insameling en [evaluering] ontleding van inligting, die maak van gevolgtrekkings, insluitend die bepaling van [oorsaak,]oorsake [waarskynlike oorsaak of waarskynlike oorsake van ’n ongeluk of die onderliggende oorsaak of oorsake] en/of bydraende faktore [Iwat tot ’n ongeluk lei]en, waar toepaslik, die maak van veiligheidsaanbevelings[in verband met lugvaartveiligheid];

- (k) die vervanging van die omskrywing van “ondersoeker” met die volgende omskrywing:

“ondersoeker” vir die doeleindes van Deel 12 ’n persoon wat as sodanig [deur die Direkteur] aangewys is ingevolge Regulasie 12.01.4 op grond van sy of haar kwalifikasies of ondervinding ten einde die ondersoeker-in-beheer bevel van ’n ondersoek by te staan;”

- (l) die vervanging van die omskrywing van “ondersoeker-in-beheer” met die volgende omskrywing:

“Ondersoeker-in-beheer” ’n persoon aangewys [deur die Direkteur] ingevolge Regulasie 12.01.3 op grond van sy of haar kwalifikasies en belas met die verantwoordelikheid vir die organisering, uitvoering en beheer van en verslagdoening oor die ondersoek van ’n ongeluk of voorval;”

- (m) die invoeging van die volgende omskrywing na die omskrywing van “groot

herstelling”:

“verpligte deurlopende lugwaardigheidsinligting” ’n verpligte vereiste vir die modifikasie, vervanging van onderdele of inspeksie van lugvaartuie en wysiging van die bedryfsbeperkings en prosedures vir die veilige bedryf van die lugvaartuig, wat die inligting uitgereik deur ’n Kontrakterende Staat in die vorm van lugwaardigheidsriglyne insluit;”;

- (n) die invoeging van die volgende omskrywing na die omskrywing van “organisasie”:

“organisasie verantwoordelik vir tipeontwerp” ’n organisasie wat ’n tipesertifikaat of gelykwaardige dokument vir ’n lugvaartuig, enjin of skroeftipe hou wat deur ’n Kontrakterende Staat uitgereik is”;

- (o) die vervanging van die omskrywing van “passasier” met die volgende omskrywing:

“passasier” ’n persoon anders as ’n bemanningslid of botallige wat aan boord van ’n lugvoertuig is;”.

- (p) die invoeging van die volgende omskrywing na die omskrywing van “openbare lugvervoerdiens”:

“openbaregesondheidsnoodgeval van internasionale kommer” beteken ’n buitengewone gebeure wat ooreenkomstig die bepalinge van hierdie Regulasies beskou word –

- (a) as ’n risiko vir die openbare gesondheid van State deur die internasionale verspreiding van siekte, en
 (b) as ’n gebeure wat potensieel ’n gekoördineerde internasionale respons vereis;”

- (q) die vervanging van die omskrywing van “Staat van Vervaardiging” met die volgende omskrywing:

“Staat van Vervaardiging” [die] ’n Staat wat bevoegdheid het oor ’n organisasie verantwoordelik vir die finale samestel van ’n lugvaartuig, enjin of skroef;”;

- (r) die invoeging van die volgende omskrywing na die omskrywing van “Staat van Gebeurtenis”:

“Staat van Oorsprong” n Staat binne wie se gebied die vragbesending die eerste keer in ’n lugvaartuig gelaai word;”;

- (s) die invoeging van die volgende omskrywing na die omskrywing van “Staat van die Operateur”:

“staatsveiligheidsprogram” ’n geïntegreerde stel regulasies en werksaamhede gerig op die verbetering van lugvaartveiligheid.

- (t) die invoeging van die volgende omskrywing na die omskrywing van "geskikte vliegveld":

“botallige” ’n persoon bo en behalwe ’n vlugbemanningslid, boordbemanningslid of passasier wat gedra word en wat –

- (a) deur die lugdiensoperateur na behoefte vir bedryfsveiligheid aan die vlug toegewys is en deur seleksie en verpligte opleiding oor die vereiste kennis en vermoë beskik; of
 (b) ’n beampte, inspekteur, ouditeur of waarnemer deur die Direkteur of die lugdiensoperateur gemagtig is om aan boord te wees ten einde sy of haar pligte uit te voer;”;

- (u) die vervanging van die omskrywing van “tipesertifikaat” met die volgende omskrywing:

“tipesertifikaat” ’n dokument uitgereik deur ’n Kontrakterende Staat om die ontwerp van ’n lugvaartuig, enjin of skroeftipe te omskryf en om te sertifiseer dat die ontwerp voldoen aan die gepaste lugwaardigheidsvereistes van daardie staat (type certificate);

Opmerking: In sommige Kontrakterende State kan ’n dokument gelykwaardig aan ’n tipesertifikaat vir ’n enjin of skroef uitgereik word.

- (v) die invoeging van die volgende omskrywing na die omskrywing van “tipesertifikaat”:

“tipeontwerp” ’n stel gegewens en inligting wat nodig is om ’n lugvaartuig, enjin of skroeftipe vir die doeleindes van ’n lugwaardigheidsbepaling te omskryf;”;

Wysiging van Regulasie 1.01.2 van die Regulasies

- (a) die invoeging van die volgende afkorting na die afkorting “CBT”:

“CDFA” beteken deurlopende daling finale landing;

- (b) die invoeging van die volgende afkorting na die afkorting “ETOPS”:
“EVS” beteken verbeterdesigstelsel
- (c) die invoeging van die volgende afkorting na die afkorting “FMS”:
“FOP” beteken buitelandseoperateurspermit;
- (d) die invoeging van die volgende afkorting na die afkorting “HPA”:
“HUD” beteken oogvlakbeeld;
- (e) die invoeging van die volgende afkorting na die afkorting “MAWP”:
“MCAI” beteken verpligte deurlopende lugwaardigheidsinligting;
- (f) die invoeging van die volgende afkorting na die afkorting “SPOT”:
“SSP” beteken staatsveiligheidsprogram;”.

Wysiging van Regulasie 1.02.2 van die Regulasies

4. Regulasie 1.02.1 word hiermee gewysig deur die toevoeging van die volgende subregulasie na subregulasie (3):

- “(4) ’n Lugdiensoperateur wat internasionaal aktief is moet, met inagneming van menslike werkverrigting, ’n prosedure daarstel vir –
(a) operasies in omgewings waar nie-SI-alternatiewe of spesifieke meeteenhede gebruik word; of
(b) oorgang tussen omgewings waar ander meeteenhede gebruik word.”.

Wysiging van Deel 12 van die Regulasies

5. Deel 12 van die Regulasies word hiermee gewysig deur –
- (a) die vervanging van die woorde “Uitvoerende Bestuurder: Lugvaartuigongeluks- en voorvalondersoek” met die woorde “Uitvoerende Beampte verantwoordelik vir lugvaartuigongeluks- en voorvalondersoek”, waar dit ook al in die Regulasies voorkom.

- (b) die vervanging van regulasie 12.01.1 met die volgende regulasie:

“Toepaslikheid

Hierdie Deel is van toepassing op die prosedures wat betrekking het op die verslagdoening oor en ondersoek van ongelukke en voorvalle anders as ongelukke en voorvalle waarby lugvaartuie betrokke is wat sodanig ontwerp is dat hulle aan die grond geanker bly of op sleeptou gehou word deur voertuie of vaartuie wat op die aardoppervlak beweeg.”;

- (c) die invoeging van die volgende regulasie na regulasie 12.01.1:

“Onafhanklikheid van ongeluksondersoek”

12.01.1A (1) Die Uitvoerende Beampte verantwoordelik vir lugvaartuigongeluks- en voorvalondersoek verseker die onafhanklikheid van alle ondersoeke en dat ondersoekers onbeperkte gesag oor die uitvoering van ondersoeke het in ooreenstemming met die bepalings in hierdie Deel.

(2) 'n Lugvaartuigongeluks- of voorvalondersoek sluit die volgende in:

- (a) die insameling, optekening en ontleding van alle beskikbare inligting oor die ongeluk of voorval;
- (b) waar toepaslik, die uitreiking van veiligheidsaanbevelings;
- (c) indien moontlik, die vasstelling van die oorsaak en bydraende faktore;
en
- (d) die voltooiing van die finale verslag.”;

- (d) die vervanging van regulasie 12.03.1 met die volgende regulasie:

“Doel van ondersoek na ongelukke of voorvalle

12.03.1 Die doel van ondersoek van 'n lugvaartuigongeluk of -voorval is om ingevolge die bepalings van hierdie Deel, die feite van 'n ongeluk of voorval te bepaal in die belang van die bevordering van lugvaartveiligheid en die vermindering van lugvaartongelukke of -voorvalle, en nie om blaam of regs aanspreeklikheid vas te stel nie.”;

- (e) die vervanging van subregulasie (1) van regulasie 12.04.6 met die volgende subregulasie:

“Beskerming van rekords van ondersoeke na ongelukke of voorvalle

12.04.6 (1) Die volgende rekords word nie vir ander doeleindes as die

ondersoek[ondersoeke] van ongelukke of ongevallen beskikbaar gestel nie, tensy 'n geregshof bepaal dat die openbaarmaking of gebruik daarvan swaarder weeg as die waarskynlike nadelige binnelandse en internasionale impak wat sodanige optrede op daardie of toekomstige [ondersoeke]ondersoek kan hê, met inagneming van alle toepaslike reg –

- (a) kajuitstemopnames, boordbeeldopnames en enige transkripsies van sodanige opnames;
- (b) alle rekords in die bewaring of onder die beheer van die ongeluksondersoekowerheid, insluitend–
 - (i) alle verklarings deur 'n ondersoeker van persone afgeneem in die loop van die ondersoek;
 - (ii) alle rekords van kommunikasie tussen persone wat by die bedryf van die lugvaartuig betrokke was;
 - (iii) name, mediese en private inligting met betrekking tot persone wat by die ongeluk of voorval betrokke was;
 - (iv) opnames en transkripsies van opnames van lugverkeersbeheereenhede;
 - (v) ontleding van en menings [uitgedruk in die ontleding van] gevorm in die ondersoek oor inligting, met inbegrip van inligting verkry uit vlugopnemers en ATC-opnames; en
 - (vi) 'n konsepeindverslag van 'n ongeluks- of voorvalondersoek.
- (f) die invoeging van die volgende regulasie na regulasie 12.04.7:

“Outopsie-ondersoeke

12.04.8 'n Ondersoeker-in-beheer moet verseker dat 'n volledige outopsie- en toksikologiese ondersoek van die noodlottig beseerde passasiers en kajuitbemanning, indien van toepassing, uitgevoer word deur 'n patoloog met ervaring van ongelukondersoek.

Mediese ondersoeke

12.04.9 Wanneer dit na 'n ongeluk of voorval nodig of toepaslik geag word, reël die Uitvoerende Beampte verantwoordelik vir ondersoek na lugvaartuigongelukke en -voorvalle mediese ondersoeke van die bemanning, passasiers en betrokke lugvaartpersoneel deur 'n toepaslik gekwalifiseerde dokter.

Handelinge van onwettige bemoeiing

12.04.10 Indien dit in die loop van 'n ondersoek bekend of redelikerwys vermoed word dat 'n handeling van onwettige bemoeiing betrokke was, lig die ondersoeker-in-beheer die Uitvoerende Beampte verantwoordelik vir lugvaartuigongeluk- en voorvalondersoek, Direkteur, relevante lugvaartsekuriteitsowerhede en die Suid-Afrikaanse Polisie diens onmiddellik in.

Koördinasie met geregtelike owerhede

12.04.11 Behoudens regulasie 12.04.6 verseker die Uitvoerende Beampte verantwoordelik vir lugvaartuigongeluk- en voorvalondersoek dat daar samewerking tussen die ondersoeker-in-beheer en die relevante geregtelike owerhede op die toneel van 'n ongeluk plaasvind ten einde te verseker dat die bewyse wat onmiddellike vaslegging en ontleding vereis om die ondersoek te laat slaag, bekom word.

Vervanging van regulasie 21.01.4 van die Regulasies

6. Regulasie 12.01.4 van die Regulasies word hiermee met die volgende regulasie vervang:

“Lugwaardigheidsvoorskrifte

21.01.4 (1) Die Direkteur kan deur kennisgewing toepaslike lugwaardigheidsvoorskrifte uitreik indien hy of sy op redelike gronde glo –

- (a) dat 'n onveilige toestand in daardie produk bestaan; en
- (b) die toestand waarskynlik in enige ander produk van dieselfde ontwerp sal bestaan of ontwikkel.

(2) 'n Eienaar of operateur van 'n lugvaartuig moet die lugvaartuig nie bedryf nie tensy hy of sy voldoen aan –

- (a) alle toepaslike lugwaardigheidsvoorskrifte uitgereik deur die Direkteur; of
- (b) toepaslike lugwaardigheidsvoorskrifte uitgereik deur die Staat van Ontwerp van die lugvaartuig of produk.

(3)(a) By aansoek kan die direkteur 'n eienaar of operateur vrystelling verleen of 'n alternatiewe wyse erken om aan die vereistes wat in die lugwaardigheidsvoorskrifte gespesifiseer is, te voldoen.

(b) Die bepalings van Deel 11 is met die nodige veranderinge van toepassing op 'n aansoek waarna in hierdie subregulasie verwys word.

(4) Indien die Direkteur 'n lugwaardigheidsvoorskrif vir 'n produk uitreik moet die houer van enige sertifikaat vir die produktipe –

- (a) op versoek van die Direkteur gepaste ontwerpveranderinge aan die Direkteur vir goedkeuring voorlê; en
- (b) by die goedkeuring van die ontwerpveranderinge die beskrywende gegewens van die veranderinge aan alle operateurs van die produk beskikbaar stel.

(5) Die Direkteur –

- (a) kan met die Staat van Ontwerp oorleg pleeg voordat 'n lugwaardigheidsvoorskrif uitgereik word; en
- (b) die Staat van Ontwerp so gou prakties moontlik na uitreiking van 'n lugwaardigheidsvoorskrif in kennis stel.

(6) Die verantwoordelikhede van Kontrakterende State met betrekking tot deurlopende lugwaardigheid van 'n lugvaartuig, enjin en skroef word in Dokument SA-CATS 21 beskryf.”.

Vervanging van Regulasie 21.08.9 van die Regulasies

7. Regulasie 21.08.9 van die Regulasies word hiermee met die volgende regulasie vervang:

“[Vorm van lugwaardigheidsertifikaat]Uitreiking van lugwaardigheidsertifikaat

21.08.9 'n Lugwaardigheidsertifikaat word op die voorgeskrewe vorm uitgereik word en bevat die inligting soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS 21.”.

Wysiging van Regulasie 21.08.12 van die Regulasies

8. Regulasie 21.02.1 word hiermee gewysig deur die vervanging van subregulasie (2) met die volgende subregulasie:

“(2) Behoudens die bepalings van subregulasie (1), bly 'n lugwaardigheidsertifikaat geldig vir solank as –

- (a) die lugvaartuig 'n Suid-Afrikaans-geregistreeerde lugvaartuig met 'n standaard of spesiale kategorie lugwaardigheidsertifikaat bly; **[en]**
- (b) **[ten opsigte van 'n lugvaartuig met 'n standaard of beperkte kategorie lugwaardigheidsertifikaat,]** die lugvaartuig onderhou word ooreenkomstig die regulasies; en
- (c) die sertifikaat van vrystelling vir diens van sodanige lugvaartuig nie deur die bepalings van regulasie 43.04.3(3) ongeldig gemaak word nie.”.

Vervanging van Regulasie 24.01.6 van die Regulasies

9. Regulasie 24.01.6 van die Regulasies word hiermee met die volgende regulasie vervang:

“Lugwaardigheidsvoorskrifte

24.01.6 (1) Die Direkteur kan deur kennisgewing gepaste lugwaardigheidsvoorskrifte uitreik ten opsigte van ’n nietipegesertifiseerde lugvaartuig indien hy of sy op redelike gronde glo dat –

- (a) dat ’n onveilige toestand in daardie lugvaartuig bestaan; en
- (b) die toestand waarskynlik in enige ander lugvaartuig van dieselfde ontwerp sal bestaan of ontwikkel.

(2) ’n Eienaar of operateur van ’n lugvaartuig mag die lugvaartuig nie bedryf nie tensy hy of sy voldoen aan –

- (a) alle toepaslike lugwaardigheidsvoorskrifte uitgereik deur die Direkteur; of
- (b) toepaslike lugwaardigheidsvoorskrifte uitgereik deur die Staat van Ontwerp van die lugvaartuig.

(3)(a) By aansoek kan die direkteur ’n eienaar of operateur vrystelling verleen of ’n alternatiewe wyse erken om aan die vereistes wat in die lugwaardigheidsvoorskrifte gespesifiseer is, te voldoen.

(b) Die regulasies van Deel 11 is met die nodige veranderinge van toepassing op ’n aansoek waarna in hierdie subregulasie verwys word.

(4) Indien die Direkteur ’n lugwaardigheidsvoorskrif ingevolge subregulasie (1) uitreik, moet die houer van enige sertifikaat wat ingevolge hierdie deel vir die lugvaartuig of sy komponente uitgereik is –

- (a) op versoek van die Direkteur gepaste ontwerpveranderinge aan die Direkteur voorlê vir goedkeuring; en
- (b) by goedkeuring van die ontwerpveranderinge, indien van toepassing, die beskrywende gegewens wat oor die veranderinge handel, beskikbaar stel aan alle operateurs van die produk.

Wysiging van Regulasie 43.04.1 van die Regulasies

10. Regulasie 43.04.1 word hiermee gewysig deur die vervanging van subregulasie (1) met die volgende subregulasie:

“(1) Geen persoon mag ’n lugvaartuig of lugvaartuigkomponent vir vrystelling vir diens na onderhoud sertifiseer nie, tensy so ’n persoon –

- (a) die houer is van ’n lugvaartuigonderhoudingenieurslisensie met ’n toepaslike gradering uitgereik ingevolge Deel 66 en deur die houer van ’n AMO-goedkeuring met ’n toepaslike gradering uitgereik ingevolge Deel 145; of
- (b) deur die houer van ’n AMO-goedkeuring met ’n toepaslike gradering uitgereik ingevolge Deel 145 gemagtig is om onderhoud binne die bestek van sodanige goedkeuring te sertifiseer: Met dien verstande dat –

- (i) sodanige persoon voldoen aan die lisensiëringsvereistes voorgeskryf in Deel 66 met betrekking tot ouderdom, kennis, ervaring, opleiding en vaardigheid; en
- (ii) die AMO die bevoegdheid van onderhoudspersoneel vasgestel het in ooreenstemming met 'n prosedure en op 'n vlak wat vir die Direkteur aanvaarbaar is; of
- (c) deur die Direkteur gemagtig is om 'n lugvaartuig of lugvaartuigkomponent vir vrystelling vir diens te sertifiseer; of
- (d) vir onderhoud buite die Republiek 'n lisensie of gelykwaardige magtiging het uitgereik deur 'n toepaslike owerheid wat aanvaarbaar is vir die Direkteur vir die tipe lugvaartuig of lugvaartuigkomponent.”.

Wysiging van regulasie 43.04.3 van die Regulasies

11. Regulasie 43.04.3 word hiermee gewysig deur die vervanging van subregulasies (2) en (3) met die volgende subregulasies:

“(2) Wanneer 'n [**lugwaardigheid**]sertifikaat van vrystelling vir diens ongeldig word omdat 'n lugvaartuig 'n defek kry wat nie die primêre struktuur affekteer nie, word die geldigheid van die sertifikaat herstel wanneer die gebrek reggestel en die nodig sertifisering gedoen is.

(3) Wanneer 'n [**lugwaardigheid**]sertifikaat van vrystelling vir diens ongeldig word omdat 'n lugvaartuig 'n ernstige defek kry in 'n ongeluk of voorval wat die diensbaarheid van 'n Klas 1-produk affekteer, sal die sertifikaat van vrystelling vir diens ongeldig verklaar word.

Vervanging van regulasie 91.07.33

12. Regulasie 91.07.33 word hiermee met die volgende regulasie vervang:

“Uitkykvertonings en sig[verbetering]stelsels

91.07.33 Geen eienaar of operateur mag [**n uitkykvertoning of sigverbeteringstelsel**] outomatiese landingstelsels, HUD of gelykwaardige vertoning, EVS, SVS of CVS of enige kombinasie van hierdie stelsels in 'n hibriede stelsel vir die veilige bedryf van 'n lugvaartuig gebruik terwyl daar ingevolge IVR gevlieg word nie, tensy hy of sy voldoen aan die vereistes wat in Dokument SA-CATS 91 gespesifiseer word en deur die Direkteur gemagtig is om dit te doen.”.

Invoeging van regulasies 91.07.36 en 91.07.37 in die Regulasies

13. Die volgende regulasies word hiermee in Deel 91 na regulasie 91.07.35 ingevoeg:

“Ontsmetting van lugvaartuie

91.07.36 (1) 'n Eienaar of operateur van lugvaartuie moet, soos en wanneer deur die Departement van Gesondheid vereis, verseker dat 'n lugvaartuig in ooreenstemming met die riglyne voorgeskryf deur die Departement van Gesondheid ontsmet word.

(2) 'n Eienaar of operateur van 'n lugvaartuig moet die volgende prosedures toepas wanneer die lugvaartuig ontsmet word:

- (a) ontsmetting moet beperk word tot slegs die houer of kompartement van die lugvaartuig waarin die passasiers of vrag vervoer is;
- (b) ontsmetting moet gedoen word waar daar op oppervlakke of toerusting van die lugvaartuig besoedeling met enige liggaamsvloeistowwe, insluitend uitwerpsels, voorkom of vermoed word;
- (b) ontsmetting moet uitgevoer word in ooreenstemming met die prosedures voorsien deur die vervaardiger van die lugvaartuig en onderhewig aan enige vereistes of voorwaardes uitgereik deur die Wêreldgesondheidsorganisasie;
- (c) die besoedelde areas moet ontsmet word met samestellings wat geskikte kiemdodende eienskappe besit vir die vermoedelike besmetlike agens;
- (d) ontsmetting moet vinnig uitgevoer word deur skoonmakers wat geskikte persoonlike beskermingstoerusting dra;
- (e) ontvlambare chemiese samestellings, oplossings of die oorblyfsels daarvan wat waarskynlik die lugvaartuigstruktuur of -stelsels sal beskadig, of chemikalieë wat waarskynlik die gesondheid van passasiers of bemanning sal benadeel, mag nie by die ontsmetting van lugvaartuie gebruik word nie;
- (f) waar lugvaartuigontsmetting om redes van dieregesondheid gedoen moet word, mag slegs die metodes en ontsmettingsmiddels wat deur die Internasionale Buro vir besmetlike veesiektes voorgeskryf word, gebruik word.

Disinsektering van lugvaartuie

91.07.37 (1) 'n Eienaar of operateur van lugvaartuie moet verseker dat lugvaartuie wat vertrek uit State gelys in Dokument SA-CATS 91 in ooreenstemming met die riglyne voorgeskryf in Dokument SA-CAT 91 gedisinsekter word.

(2) 'n Eienaar of operateur van 'n lugvaartuig moet –

- (a) roetine disinsektering van lugvaartkajuit, vlugdek, vrag- en bagasiekompartement met 'n aerosol terwyl passasiers en bemanning aan boord is, beperk tot dieselfde lugvaartuigoperasies vanuit of oor gebiede wat

as gevaarhoudend vir openbare gesondheid, landbou of omgewing beskou word;

- (b) toesien dat die vereistes vir disinsektering van lugvaartuie periodiek hersien word en dit soos toepaslik aanpas in die lig van alle beskikbare bewyse ten opsigte van die oordrag van insekte in die lugvaartuig;
- (c) slegs daardie metodes, hetsy chemies of niechemies, of insekdoders magtig of gebruik wat deur die Wêreldgesondheidsorgansasie aanbeveel en as doeltreffend beskou word;
- (d) toesien dat die disinseksieprosedures nie die gesondheid van passasiers en bemanning skaad nie en die minimum ongerief vir die passasiers en bemanning meebring.

(3) Die Direkteur moet lugvaartuigoperateurs van toepaslike inligting in gewone taal vir bemanning en passasiers voorsien ter verduideliking van die bepalings van hierdie regulasie, die redes vir en die veiligheid van disinseksie.

(4) Wanneer disinseksie ooreenkomstig die prosedures voorgeskryf deur die Wêreldgesondheidsorganisasie uitgevoer is, moet die Direkteur 'n sertifisering op die Algemene Verklaring aanvaar, of, in die geval van residuele disinseksie, die Sertifikaat van Residuele Disinseksie.

(5) 'n Eienaar of operateur van lugvaartuie moet rekord hou van die disinfeksie in die vorm van 'n Sertifikaat van Residuele Disinseksie of sertifisering op die Algemene Verklaring, en sodanige sertifikaat moet aan die toepaslike owerhede in die land van bestemming voorgelê of beskikbaar gestel word.

- (6) 'n Eienaar of operateur van 'n lugvaartuig moet toesien dat –
 - (a) enige insekdoder of ander stof wat vir disinseksie gebruik word, geen nadelige uitwerking op die struktuur van die lugvaartuig of die bedryfstoerusting daarvan het nie;
 - (b) ontvlambare chemiese samestellings of oplossings wat waarskynlik die lugvaartuigstruktuur sal beskadig, nie gebruik word om die lugvaartuig te desinsekteer nie.”.

Wysiging van Regulasie 92.00.1 van die Regulasies

14. Regulasie 92.00.1 word hiermee gewysig deur –

- (a) die invoeging van die volgende paragraaf in subregulasie (1)(b) na paragraaf (iii):

“(iv) vrag of pos vir lugvervoer hanteer, en”;

(b) die vervanging van subregulasie (2) met die volgende regulasie:

“(2) Behoudens subregulasie (3) is hierdie deel nie van toepassing nie ten opsigte van –

- (a) militêre lugvaartuie;
- (b) militêre personeel wat amptelike dienste verrig aan boord van ’n militêre lugvaartuig;
- (c) gevaarlike goedere vervoer in ’n lugvaartuig waar sodanige goedere bestem is –
 - (i) om mediese bystand aan ’n pasiënt gedurende ’n vlug te voorsien;
 - (ii) om veeartsenykundige bystand of ’n genadedoder aan ’n dier gedurende ’n vlug te voorsien;
 - (iii) vir bespuiting, bestuiwing of neerlating in verband met landboukundige, tuinboukundige, bosbou- of besoedelingsbeheeraktiwiteite; of
 - (iv) vir doeleindes van wild- en lewendehawebestuur gedurende ’n vlug;
 - (v) om gedurende ’n vlug hulp met soek-en-red-aktiwiteite te lewer;
- (d) voorwerpe en stowwe wat andersins gevaarlike goedere sou uitgemaak het, maar wat vereis word aan boord van ’n lugvaartuig te wees ooreenkomstig die bedryfsregulasies, die toepaslike lugwaardigheidsvereistes en die bepalinge van die betrokke bedryfshandleiding: Met dien verstande dat voorwerpe en stowwe bestem ter vervanging van sodanige voorwerpe en stowwe, vervoer moet word ooreenkomstig die vereistes en standarde geïdentifiseer in die Tegniese Instruksies [soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-92]; en
- (e) **[voorwerpe en stowwe wat andersins gevaarlike goedere sou uitgemaak het, maar wat vereis word aan boord van ’n lugvaartuig te wees ooreenkomstig vir die gespesialiseerde doeleindes soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS 92; en**
- (f) **voorwerpe en stowwe bestem vir die persoonlike gebruik van passasiers en vlugbemanningslede in die mate soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS 92.] voorwerpe en stowwe gespesifiseer in die Tegniese Instruksies en wat deur passasiers of vlug- en boordbemanningslede gedra word.”;**

(3) Die vervoer van die gevaarlike goedere waarna in subregulasie (2)(c) moet ooreenkomstig die vereistes en standaarde voorgeskryf in die Tegniese Instruksies gedoen word.”.

Wysiging van Regulasie 92.00.3 van die Regulasies

15. Regulasie 92.00.3 word hiermee gewysig deur die vervanging van subregulasie (1) met die volgende subregulasie:

“**92.00.3** (1) Die Direkteur kan, op skriftelike aansoek van enige persoon bedoel in regulasie 92.00.1(1) (b) sodanige persoon van die bepalings van regulasie 92.00.2(b) vrystel in gevalle [die geval] van –

- (a) uiterste dringendheid;
- (b) ontoereikendheid van ander vorme van vervoer; of
- (c) waar volle voldoening aan die bepalings van hierdie deel strydig sou wees met **[lugvaartveiligheid]** die openbare belang.

Met dien verstande dat die persoon die Direkteur tevrede stel dat hy of sy in die vervoer ’n aanvaarbare veiligheidsvlak sal behaal wat gelyk staan aan die veiligheidsvlak waarvoor die Tegniese Instruksies voorsiening maak.”;

Wysiging van regulasie 92.00.8 van die Regulasies

16. Regulasie 92.00.8 word hiermee gewysig deur die toevoeging van die volgende item in subregulasie (1)(c) na item (jj):

“(kk) pospersoneel betrokke by die aanvaarding, hantering, berging, laai of vervoer van pos wat bestem is om per lug vervoer te word.”;

Wysiging van regulasie 92.00.15 van die Regulasies

17. Regulasie 92.00.15 word hiermee gewysig deur –

die vervanging van subregulasie (2) met die volgende subregulasie:

“(2) Die operateur bedoel in subregulasie (1) moet inligting aan die boordbemanningslede en werknemers voorsien ten einde sodanige boordbemanningslede, kajuitbemanningslede en werknemers in staat te stel om hul pligte met betrekking tot die vervoer van gevaarlike goedere deur die lug uit te voer,

en sodanige inligting moet voorsien word in die operateur se bedryfshandleiding en moet die inligting soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS 92 insluit.”; en

(b) die invoeging van die volgende subregulasie na subregulasie (2):

“(3) Die operateur van ’n lugvaartuig waarin gevaarlike goedere vervoer gaan word, moet in die bedryfshandleiding spesifieke prosedures en vereistes insluit rakende die behoud van die NOTOC op so ’n wyse dat sodanige dokument vir die vliegveld van laaste vertrek en volgende geskeduleerde aankoms toeganklik is.”.

Wysiging van Regulasie 92.00.34 van die Regulasies

18. Regulasie 92.00.34 word hiermee gewysig deur die skraping van subregulasie (2).

Vervanging van Regulasie 121.07.31 van die Regulasies

19. Regulasie 121.07.31 van die Regulasies word hiermee met die volgende regulasie vervang:

“Bedrywighede met uitkykvertonings en sig[verbetering]stelsels

91.07.31 (1) Geen lugdiensoperateur mag [**’n uitkykvertoning (HUD) of sigverbeteringstelsel**] outomatiese landingstelsels, HUD of gelykwaardige vertonings, EVS, SVS of CVS of enige kombinasie van hierdie stelsels in ’n hibriede stelsel vir die veilige bedryf van ’n lugvaartuig gebruik nie, tensy die operateur –

- (a) in sy bedryfspesifikasies gemagtig is om dit te doen; en
- (b) aan die [**HUD of EVS, soos van toepassing**] vereistes voldoen, soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS 121.

(2) ’n Lugdiensoperateur moet [**die**] toepaslike bedryfsprosedures vir sodanige gebruik insluit in die bedryfshandleiding waarna verwys word in regulasie 121.04.2, wat minstens die volgende moet dek:

- (a) beperkings;
- (b) bedryfskrediete soos gespesifiseer in Dokument SA-CATS 121;
- (c) vlugbeplanning;
- (d) grond- en lugbedrywighede;
- (e) bemanningshulpbronbestuur;
- (f) standaardbedryfsprosedures; en
- (g) ATS-vlugplanne en kommunikasie.”.

Herroeping van regulasie 121.07.41

20. Regulasie 1.01.2 word hiermee herroep.

Invoeging van regulasies 121.07.44 en 121.07.45 in die Regulasies

21. Die volgende regulasies word hiermee na regulasie 121.07.43 ingevoeg:

“Vervoer van botalliges

121.07.44 (1) ’n Lugdiensoperateur kan prosedures vasstel vir die vervoer van botalliges: Met dien verstande dat sodanige prosedures –

- (a) nie lugvaartveiligheid en sekuriteit in gevaar stel nie; en
- (b) deur die owerheid goedgekeur word.

(2) Behoudens subregulasie (1) moet ’n lugdiensoperateur botalliges toelaat om aan boord van ’n lugvaartuig te gaan sonder dat hulle in besit van ’n geldige passasierskaartjie is.

(3) ’n Lugdiensoperateur moet die besonderhede van alle botalliges aan boord van ’n vlug op die passasiersmanifes of algemene verklaring, soos van toepassing, inskryf soos bedoel in regulasie 91.03.1 (a)(vi).

Sitplekke van botalliges tydens vlug

121.07.45 Tydens opstyging en landing, en wanneer die PIC dit ook al nodig ag in die belang van lugvaartveiligheid, moet botalliges by hulle aangewese poste of sitplekke sit.”.

Vervanging van Regulasie 127.07.18 van die Regulasies

22. Regulasie 127.07.18 word hiermee met die volgende regulasie vervang:

“Bedrywighede met uitkykvertonings en sig[verbetering]stelsels of nagsigbrille

127.07.18 91.07.31 (1) Geen lugdiensoperateur mag, waar helikopters toegerus is, [’n oogvlakbeeld (HUD) of sigverbeteringstelsel] outomatiese landingstelsels, HUD of gelykwaardige vertonings, EVS, SVS of CVS of enige kombinasie van hierdie stelsels in ’n hibriede stelsel vir die veilige bedryf van ’n lugvaartuig gebruik nie, tensy [die operateur] –

- (a) ’n operateur in sy bedryfspesifikasies gemagtig is om dit te doen;
- (b) ’n operateur aan die outomatiese landingstelsels, ’n HUD of gelykwaardige vertoning, EVS, SVS of CVS, soos van toepassing, en vereistes voorgeskryf in Dokument SA-CATS 127 voldoen;
- (c) die toerusting aan die toepaslike lugwaardigheidstelsel vereistes voldoen; en
- (d) ’n operateur ’n veiligheidsrisiko-assessering van die operasies met ondersteuning van die outomatiese landingstelsels, ’n HUD of gelykwaardige vertoning, EVS, SVS of CVS uitgevoer het.

(2) 'n lugdiensoperateur moet **[die]** toepaslike bedryfsprosedures vir die gebruik van sulke toerusting insluit in die bedryfshandleiding waarna verwys word in regulasie 121.04.2, wat minstens die volgende moet dek:

- (a) beperkings;
- (b) bedryfskrediete soos gespesifiseer in Dokument SA-CATS 127;
- (c) vlugbeplanning;
- (d) grond- en lugbedrywighede;
- (e) bemanningshulpbronbestuur;
- (f) standaardbedryfsprosedures; en
- (g) ATS-vlugplanne en kommunikasie.".

Vervanging van Regulasie 128.07.15 van die Regulasies

23. Regulasie 128.07.15 word hiermee met die volgende regulasie vervang:

"Bedrywighede met uitkykvertonings en sig[verbetering]stelsels of nagsigbrille

128.07.15 91.07.31 (1) Geen lugdiensoperateur mag, waar vliegtuie toegerus is, [’n oogvlakbeeld (HUD) of sigverbeteringstelsel] outomatiese landingstelsels, HUD of gelykwaardige vertonings, EVS, SVS of CVS of enige kombinasie van hierdie stelsels in ’n hibriede stelsel vir die veilige bedryf van ’n lugvaartuig gebruik nie, tensy [die operateur] –

- (a) die operateur in sy bedryfspesifikasies gemagtig is om dit te doen;
- (b) die operateur aan die outomatiese landingstelsels, ’n HUD of gelykwaardige vertoning, EVS, SVS of CVS, soos van toepassing, en die vereistes voorgeskryf in Dokument SA-CATS 128 voldoen;
- (c) die toerusting aan die toepaslike lugwaardigheidsertifiseringsvereistes voldoen; en
- (d) die operateur ’n veiligheidsrisiko-assessering van die operasies met ondersteuning van die outomatiese landingstelsels, ’n HUD of gelykwaardige vertoning, EVS, SVS of CVS uitgevoer het.

(2) 'n Lugdiensoperateur moet **[die]** toepaslike bedryfsprosedures vir die gebruik van sulke toerusting insluit in die bedryfshandleiding waarna verwys word in regulasie 128.04.2, wat minstens die volgende moet dek:

- (a) beperkings;
- (b) bedryfskrediete soos gespesifiseer in Dokument SA-CATS 128;
- (c) vlugbeplanning;
- (d) grond- en lugbedrywighede;
- (e) bemanningshulpbronbestuur;
- (f) standaardbedryfsprosedures; en
- (g) ATS-vlugplanne en kommunikasie.".

Vervanging van Deel 129 van die Regulasies

24. Deel 129 van die Regulasies word hiermee met die volgende Deel vervang:

“DEEL 129: BUITELANDSE LUGOPERATEURS**SUBDEEL 1: ALGEMEEN**

- 129.01.1 Toepassing
- 129.01.2 Vereistes vir geskeduleerde buitelandse lugoperateurs
- 129.01.3 Ouderdomsbepkering van vlieëners
- 129.01.4 Taalvaardigheid
- 129.01.5 Voldoening aan regulasies
- 129.01.6 Skade aan buitelandse lugvaartuie

SUBDEEL 2: BEDRYFSVEREISTES VIR BUITELANDSE LUGOPERATEURS

- 129.02.1 Voldoening aan veiligheids- en sekuriteitstandaarde
- 129.02.2 Toesig oor buitelandse lugoperateur

SUBDEEL 3: DOKUMENTASIE EN REKORDS

- 129.03.1 Dokumente wat aan boord moet wees

SUBDEEL 4: SEKURITEIT EN VERVOER VAN VRAG EN GEVAARLIKE GOEDERE

- 129.04.1 Vereistes vir lugvervoer van vrag**
- 129.04.2 Uitreiking van veiligheids- en sekuriteitsvoorskrifte
- 129.04.3 Vervoer van gevaarlike goedere

SUBDEEL 1: ALGEMEEN**Toepassing**

- 129.01.1 Hierdie Deel is van toepassing op –**
 - (a) bedryf in, uit of oor die Republiek van 'n lugvaartuig bedryf deur 'n buitelandse lugoperateur in handelslugvaartbedryf;

- (b) persone in diens van of andersins betrokke by die buitelandse lugoperateur soos bedoel in paragraaf (a) wat funksies uitvoer wat noodsaaklik is vir die bedryf van die lugvaartuig wat ingevolge hierdie Deel bedryf word; en
- (c) persone, pos of vrag aan boord van 'n lugvaartuig wat ingevolge hierdie Deel bedryf word.

Vereistes vir geskeduleerde buitelandse lugbedryf

129.01.2 (1) Behoudens subregulasie (2) mag geen persoon 'n lugvaartuig in 'n geskeduleerde internasionale handelslugvaartoperasie bedryf nie tensy die persoon –

- (a) die houer is van 'n lugoperateursertifikaat uitgereik deur 'n gepaste owerheid van 'n Kontrakterende Staat; en
- (b) die houer is van 'n lugdienstlisensie of -permit soos vereis deur die Wet op Internasionale Lugdienste, 1993 Wet no. 60 van 1993)

(2) 'n Buitelandse lugoperateur wat 'n geldige magtiging hou uitgereik ingevolge die Wet op Internasionale Lugdienste, 1993, op of voor 1 Oktober 2010 wat sodanige buitelandse lugoperateur magtig om na of uit die Republiek te vlieg, word geag aan die vereistes van subregulasie (1)(b) te voldoen het.

(3) Die Direkteur moet 'n lugoperateursertifikaat wat deur 'n gepaste owerheid van 'n Kontrakterende Staat uitgereik is, erken as die standaarde van sodanige Kontrakterende Staat as gelykwaardig aan of hoër as die standaarde in die Republiek beskou word.

Ouderdomsbepערking van vlieëniers

129.01.3 (1) 'n Buitelandse lugoperateur moet toesien dat 'n vlieënier wat enkelvlieëniervlugte met lugvaartuie in handelslugvaartbedrywighede onderneem, minder as 60 jaar oud is.

(2) 'n Buitelandse lugoperateur moet toesien dat op multivlieënierlugvaartuie in handelslugvaartbedrywighede in die Republiek waar een vlieënier tussen 60 en 65 jaar oud is, die ander minder as 60 jaar oud is.

Taalvaardigheid

129.01.4 'n Buitelandse lugoperateur moet toesien dat boordbemanning wat lugvaartuie binne die Republiek bedryf, voldoen aan die taalvaardigheidsgradering van vlak 4 in die Engelse taal en dat hierdie vaardigheid op die boordbemanningslisensie geëndosseer is.

Voldoening aan regulasies

129.01.5 'n Buitelandse lugoperateur moet toesien dat alle boordbemanningslede wat binne die gebied van Suid-Afrika werksaam is, alle lugverkeers- en vliegeregels wat in de Republiek van krag is, nakom.

Skade aan buitelandse lugvaartuie

129.01.6 (1) Wanneer dit vir die Direkteur blyk dat 'n buitelandse lugvaartuig betrokke was in 'n ongeluk soos omskryf in paragraaf (b) van die omskrywing van 'n ongeluk skade aan 'n Klas 1-produk aangerig het as gevolg waarvan 'n lugvaartuig nie langer ooreenkomstig die toepaslike lugwaardigheidsvereistes veilig om te vlieg of lugwaardig geag word nie, kan die Direkteur die vliegtuig op die grond hou.

(2) Die Direkteur moet die betrokke Staat van Registrasie of Staat van die Operateur in kennis stel as hy of sy 'n lugvaartuig ingevolge hierdie regulasie op die grond hou.

(3) Indien 'n lugvaartuig ingevolge hierdie regulasie op die grond gehou word, mag die lugvaartuig nie bedryf word nie totdat –

- (a) die veranderinge of herstelwerk wat die Direkteur nodig ag om sodanige lugvaartuig lugwaardig te maak, uitgevoer is;
- (b) Die Direkteur, na oorleg met die Staat van Registrasie of Staat van die Operateur, die lugvaartuig toelaat om 'n nie-kommersiële lugvervoeroperasie na 'n vliegveld te onderneem waar dit tot 'n lugwaardige toestand herstel sal word, of
- (c) die Direkteur die bevel om die lugvaartuig op die grond te hou, ophef.

SUBDEEL 2: BEDRYFSVEREISTES VIR BUITELANDSE LUGOPERATEURS

Voldoening aan veiligheids- en sekuriteitstandaarde

129.02.1 (1) 'n Houer van 'n Suid-Afrikaanse FOP moet toesien dat sy vlug- en grondoperasies in ooreenstemming met die toepaslike dele van hierdie Regulasies, sy FOP en bedryfspeksifikasies en die relevante dele van sy bedryfshandleiding uitgevoer word.

(2) Waar die Direkteur rede het om te glo dat die houer van 'n FOP terwyl hy binne die Suid-Afrikaanse lugruim werksaam was, enige –

- (a) bepaling van hierdie Regulasies;
- (b) voorwaarde van sy bedryfsertifikaat of operasiespeksifikasies daarby aangeheg; of
- (c) bepaling van sy bedryfshandleiding

oortree het, stel die Direkteur –

- (i) die buitelandse lugoperateur van die beweerde oortreding in kennis en stel die nodige ondersoek in om die feite van die saak vas te stel; en
- (ii) waar die Direkteur van mening is dat die veiligheidsbelang van die situasie dit regverdig, die Staat van die operateur in kennis.

(3) Waar die Direkteur rede het om te glo dat die houer van 'n FOP betrokke was of kan wees by enige daad of aktiwiteit wat enige gevaar vir veiligheid of sekuriteit daarstel of sou kan daarstel, moet die Direkteur die buitelandse lugoperateur onverwyld in kennis stel.

(4) 'n Houer van 'n FOP moet hom of haar onderwerp aan enige navraag oor of ondersoek van beweerde oortredings of veiligheidskwessies soos bedoel in subregulasies (2) en (3).

Toesig oor buitelandse lugoperateur

129.02.2 (1) 'n Buitelandse lugoperateur moet 'n gemagtigde beampte, inspekteur of persoon toelaat om veiligheids- en sekuriteitsinspeksies en oudits van die permithouer se toerusting, fasiliteite en personeel wat in Suid-Afrika gebaseer is, uit te voer wat nodig geag word om die operateur se vlak van voldoening aan die vereistes voorgeskryf in hierdie Deel te bepaal.

(2) 'n Buitelandse lugoperateur moet binne die tydperk gespesifiseer deur die Direkteur enige dokumente, handleidings en rekords wat ingevolge hierdie Deel gehou moet word en wat betrekking het op vlugoperasies, ter insae voorlê aan 'n gemagtigde beampte, inspekteur of persoon.

(3) Op versoek van 'n gemagtigde beampte, inspekteur of persoon moet 'n PIC dokumentasie, handleidings en rekords wat aan boord moet wees, binne 'n redelike tyd aan daardie persoon lewer.

SUBDEEL 3: DOKUMENTASIE EN REKORDS

Dokumente wat aan boord moet wees

129.03.1 'n Buitelandse lugoperateur moet toesien dat die oorspronklike of gewaarmerkte eksemplare van die volgende dokumente op elke individuele vlug aan boord is:

- (a) registrasiesertifikaat;
- (b) lugwaardigheidsertifikaat of, in die geval van nietepegesertifiseerde lugvaartuie, 'n magtiging om te vlieg;
- (c) toepaslike lisensie vir elke bemanningslid;
- (d) algemene verklaring;
- (e) lugvaartuigradiostasielisensie;
- (f) indien passasiers vervoer word, passasiersmanifes, tensy die inligting in die algemene verklaring waarna in paragraaf (d) verwys word, ingesluit is;
- (g) indien vrag vervoer word, manifes en gedetailleerde vragverklaring;
- (h) indien bagasie vervoer word, bagasiemanifes met goedkeuringshandtekening van die gemagtigde persoon ter verklaring dat sekuriteitsmaatreëls nagekom is;
- (i) sertifikaat van vrystelling vir diens;
- (j) navigasielogboek indien 'n navigator aan boord vervoer word;
- (k) AFM, soos bedoel in regulasie 91.03.2, of 'n gelykwaardige dokument, wat die verklarings soos bedoel in afdeling 5(1)(c) van tegniese standaard 91.04.31, indien 'n vlug in RVSM-lugruim beoog word;
- (l) massa-en-balans-verslag;
- (m) vlugfoliant;

- (o) MEL, indien van toepassing;
- (p) geraassertifikaat, indien sodanige sertifikaat vir die lugvaartuigtipe uitgereik is;
- (q) lys visuele seine en prosedures vir gebruik deur onderskeppende en onderskepte lugvaartuie;
- (r) indien 'n vlug in RVSM-lugruim beoog word –
 - (i) geldige RVSM-lisensie-endossement; en
 - (ii) indien van toepassing, geldige RVSM-bedryfsgoedkeuring vir die spesifieke RVSM-lugruim; en
- (s) lisensie om lugdienste te bedryf, FOP of gelykwaardige dokument wat die vlug magtig;
- (t) voorflug-sekuriteitskontrolelys aan boord van die vlug, voltooi by die laaste vertrekpunt; en
- (u) goedgekeurde verklaringsvorm vir alle spyseniering en voorrade aan boord.

SUBDEEL 4: SEKURITEIT EN VERVOER VAN VRAG EN GEVAARLIKE GOEDERE

Vereistes vir lugvervoer van vrag

129.04.1 (1) 'n Buitelandse lugoperateur betrokke by die aanvaarding of hantering van vrag bestem vir vervoer per lug moet voldoen aan die sekuriteitsbeheermaatreëls voorgeskryf in Deel 108.

(2) Geen buitelandse operateur mag onbekende vrag vervoer nie.

(3) Geen buitelandse operateur mag vrag per lug vervoer nie tensy 'n geldige lugvragbrief of ander geldige vervoerdokumentasie dit vergesel.

(4) 'n Buitelandse lugoperateur moet toesien dat elke besending bekende vrag vergesel word van 'n besendingsekuriteitsverklaring op die wyse voorgeskryf in Dokument SA-CATS 108.

(5) 'n Buitelandse lugoperateur moet toesien dat verbeterde sekuriteitsmaatreëls, soos dubbele ondersoekmetodes, vir hoërisikovrag of -posstukke aangewend word.

(6) Indien so beveel deur die Direkteur, moet 'n buitelandse lugoperateur 'n vragmanifes in 'n vorm en op 'n wyse voorgeskryf deur die Direkteur voorlê.

(7) In ooreenstemming met die bepalinge vir die voorlegging van 'n vragmanifes kan die Direkteur beveel dat –

- (a) 'n buitelandse lugoperateur nadere inligting verskaf soos nodig geag word;
- (b) 'n buitelandse lugoperateur moet toesien dat vrag aan verdere sekuriteitsmaatreëls onderwerp word;
- (c) 'n buitelandse lugoperateur nie die vragbesending oplaai nie.

(8) 'n Buitelandse lugoperateur moet toesien dat vrag te alle tye beveilig is terwyl dit op die laaibaan is voordat dit aan boord gelaai word.

(9) 'n Buitelandse lugoperateur moet toesien dat alle vragbesendings visueel geïnspekteer word voordat dit aan boord gelaai word om te verseker dat daar nie mee gepeuter is nie.

(10) Alle vrag en pos moet deursoek word deur 'n geregleerde agent binne die gebied van die Republiek voordat dit in 'n lugvaartuig gelaai word, tensy –

- (a) die vereiste sekuriteitsbeheermaatrëls op die besending toegepas is deur 'n geregleerde agent en die besending teen ongemagtigde inmenging beskerm is vanaf die tydstop toe daardie sekuriteitsbeheermaatrëls toegepas is totdat dit in die lugvaartuig gelaai word;
- (b) die vereiste sekuriteitsbeheermaatrëls op die besending toegepas is deur 'n bekende versender en die besending teen ongemagtigde inmenging beskerm is vanaf die tydstop toe daardie sekuriteitsbeheermaatrëls toegepas is totdat dit in die lugvaartuig gelaai word; of
- (c) die vrag vrygestel is van ondersoek en teen ongemagtigde inmenging beskerm is vanaf die tydstop toe dit as lugvrag identifiseerbaar geword het totdat dit in die lugvaartuig gelaai word.

(11) Waar daar enige rede is om te glo dat daar gepeuter is met 'n besending waarop sekuriteitsbeheermaatrëls toegepas is of dat dit nie teen ongemagtigde inmenging beskerm is vanaf die tydstop toe daardie sekuriteitsbeheermaatrëls toegepas is nie, moet die besending ondersoek word ooreenkomstig die bepalinge van hierdie subdeel voordat dit in die lugvaartuig gelaai word.

(12) 'n Buitelandse operateur moet alle onbegeleide bagasie as onbekende vrag hanteer.

Uitreiking van veiligheids- of sekuriteitsvoorskrifte

129.04.2 Die Direkteur kan van tyd tot tyd veiligheids- of sekuriteitsvoorskrifte aan buitelandse lugoperateurs uitreik waar dit nodig geag word om lugwaardigheids- en sekuriteitstandaarde te verbeter.

Vervoer van gevaarlike goedere

129.04.3 (1) Behoudens subregulasie (2) mag geen buitelandse lugoperateur gevaarlike goeder as vrag vervoer nie, behalwe as die operateur die houer is van 'n magtiging ingevolge regulasie **129.02.1** en soos goedgekeur deur die Direkteur in die bedryfshandleiding.

(2) Die bepalinge van Deel 92 is met die nodige veranderinge van toepassing op die vervoer van gevaarlike goedere deur 'n buitelandse lugoperateur.”

Vervanging van regulasie 135.07.29 van die Regulasies

25. Die volgende regulasie vervang hiermee regulasie 135.07.29 van die Regulasies:

“Bedryghede met uitkykvertonings en sig[verbetering]stelsels

135.07.29 (1) Geen lugdiensoperateur mag, waar vliegtuie toegerus is, [’n uitkykvertoning (HUD) of sigverbeteringstelsel] outomatiese landingstelsels, ’n HUD of gelykwaardige vertoning, EVS, SVS of CVS of enige kombinasie van hierdie stelsels in ’n hibriede stelsel vir die veilige bedryf van ’n vliegtuig gebruik nie, tensy [die operateur] –

- (a) die operateur in sy bedryfspesifikasies gemagtig is om dit te doen;
- (b) die operateur aan die outomatiese landingstelsels, ’n HUD of gelykwaardige vertoning, EVS, SVS of CVS, soos van toepassing, en die vereistes voorgeskryf in Dokument SA-CATS 135 voldoen;
- (c) die toerusting aan die toepaslike lugwaardigheidsertifiseringsvereistes voldoen; en
- (d) die operateur ’n veiligheidsrisiko-assessering van die operasies met ondersteuning van die outomatiese landingstelsels, ’n HUD of gelykwaardige vertoning, EVS, SVS of CVS uitgevoer het.

(2) ’n Lugdiensoperateur moet **[die]** toepaslike bedryfsprosedures vir die gebruik van en opleidingsvereistes vir sodanige toerusting insluit in die bedryfshandleiding waarna verwys word in regulasie [121.04.2]135.04.2, wat minstens die volgende moet dek:

- (a) beperkings;
- (b) bedryfskrediete soos gespesifiseer in Dokument SA-CATS 135;
- (c) vlugbeplanning;
- (d) grond- en lugbedryghede;
- (e) bemanningshulpbronbestuur;
- (f) standaardbedryfsprosedures; en
- (g) ATS-vlugplanne en kommunikasie.”.

Vervanging van Deel 137 van die Regulasies

26. Deel 137 van die Regulasies word hiermee met die volgende Deel vervang:

“DEEL 137: LUGWERK[LANDBOU]BEDRYF

SUBDEEL 1: ALGEMENE BEPALINGS

137.01.1 Toepassing

137.01.2 Vereistes vir graderings van boordbemanning en bevoegdheid van bedryfspersoneel

- 137.01.3 Vereistes vir handelslandbou- en handelsbrandbestrydingsbedryf
137.01.4 Lugvaartuigtoerusting
137.01.5 Kommunikasiesistelsels

SUBDEEL 2: VLIEGREËLS

- 137.02.1 Toediening van landbou- of brandbestrydingschemikalieë
137.02.2 Rigting van draaie by vliegveld
137.02.3 Hoogte van draaie by vliegveld
137.02.4 Bedryf sonder posisieligte
137.02.5 Bedryf oor bevolkte gebiede
137.02.6 Bedryf oor onbevolkte gebiede
137.02.7 Brandstofreserwes

SUBDEEL 3: SPESIALE VLIEGREËLS

- 137.03.1 Algemeen
137.03.2 Maksimum gesertifiseerde massa
137.03.3 Opstygingsafstand en vliegbaan
137.03.4 Opstygingsvliegbaan

SUBDEEL 4: HANDELSBEDRYF

- 137.04.1 Rekords
137.04.2 Bedryf vanaf afgeleë basis en afstuursentrum
137.04.3 Handelslandboubedryf oor bevolkte gebiede
137.04.4 Gehaltebestuurstelsel
137.04.5 Bedryfshandleiding

SUBDEEL 5: OPLEIDING

- 137.05.1 Opleiding van boordbemanning en bedryfspersoneel
137.05.2 Opleidingsrekords

SUBDEEL 6: ONDERHOUD

- 137.06.1 Lugvaartuiginstandhouding

SUBDEEL 1: ALGEMENE BEPALINGS

Toepassing

137.01.1 Hierdie Deel is van toepassing op –

- (a) lugvaartuie betrokke in handels- en niehandelslandbou- of brandbestrydingsbedryf in die Republiek;
- (b) lugvaartuie geregistreer in die Republiek en betrokke in internasionale handels- en niehandelslandbou- of internasionale brandbestrydingsbedryf; **[en]**
- (c) persone wat optree as boordbemanningslede van die lugvaartuie bedryf ingevolge hierdie Deel;
- (d) buitelands geregistreerde lugvaartuie bedryf deur 'n lugdiensoperateur gelisensieer ingevolge die Wet op die Lisensiëring van Lugdienste, 1990 of die Wet op Internasionale Lugdienste, 1993 en betrokke by handelslandbou- of handelsbrandbestrydingsbedryf; en
- (e) persone wat optree as boordbemanningslede en brandbestrydingspersoneel met betrekking tot 'n brandbestrydingsoperasie uitgevoer ingevolge hierdie Deel.

(2) Tensy uit die samehang anders blyk, **[word landboubedryf onderneem ooreenkomstig en bykomstig tot die bepalings van Deel 91 en Deel 121, Deel 127 of Deel 135, na gelang van die geval.]** is die bepalings van Deel 91, Deel 96, Deel 121, Deel 127, Deel 128 en Deel 135 van toepassing, met die nodige veranderinge, op 'n lugvaartuig bedryf ingevolge hierdie Deel.

Vereistes vir graderings van boordbemanning en bevoegdheid van bedryfspersoneel

137.01.2 **(1) [Die]** 'n Vlieënier van 'n lugvaartuig betrokke in landboubedryf moet die volgende hou –

- (a) 'n geldige landbouvlieëniersgradering uitgereik ingevolge **[Subdeel 48]**Subdeel 25 van Deel 61 vir die kategorie lugvaartuig wat gebruik word; en
- (b) 'n plaagbeheeroperateursertifikaat uitgereik ingevolge die Wet op Misstawwe, Veevoedsel, Landboumiddels en Veemiddels, 1947 (Wet No. 36 van 1947).

(2) 'n Vlieënier van 'n lugvaartuig betrokke in handelsbrandbestrydingsbedryf moet –

- (a) as 'n minimum, die houer wees van 'n geldige CPL met die toepaslike kategorie en tipegradering vir die lugvaartuig vir die voorgename sending, en
- (b) die relevante brandbestrydingsopleiding soos bepaal in die toepaslike bedryfshandleiding voltooi het.

(3) 'n Bedryfshandleiding van 'n operateur betrokke in handelsbrandbestrydingsbedryf moet die minimum kriteria vir die kwalifikasies van vlieëniërs wat vir die brandbestrydingsoperasie gebruik word, voorskryf.

(4) Alle bedryfspersoneel moet aan die kwalifikasie-, opleidings- en assesseringsvereistes voldoen soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS 137.

(5) Vir die doeleindes van hierdie Deel word 'n lid van die brandbestrydingspersoneel geag 'n agent van die operateur van die brandbestrydingslugvaartuig te wees indien daardie personeellid toegewys word aan vliegpligte deur sodanige operateur, ongeag of sodanige personeellid vergoed word of nie.

Vereistes vir handelslandbou- en handelsbrandbestrydingsbedryf

137.01.3 (1) [Die] 'n Operateur van 'n lugvaartuig betrokke in handelslandbou- of handelsbrandbestrydingsbedryf mag die lugvaartuig nie bedryf nie tensy sodanige operateur die houer is van 'n geldige –

- (a) lisensie uitgereik ingevolge die Wet op die Lisensiëring van Lugdienste, 1990 (Wet No. 115 van 1990) of die Wet op Internasionale Lugdienste, 1993 Wet No. 60 van 1993), en
- (b) 'n lugoperateurs[bedryf]sertifikaat en bedryfspesifikasies uitgereik ingevolge Deel 96, deel 121, Deel 128 of Deel 135, na gelang van die geval, behoudens die uitsondering voorgeskryf in Dokument SA-CATS 137; of
- (b) 'n FOP uitgereik ingevolge die Wet op Internasionale Lugdienste, 1993.

(2) Alle handelslandbou- en handelsbrandbestrydingsoperasies moet ingevolge die prosedures gedefinieer in die operateur se bedryfshandleiding uitgevoer word.

(3) Die prosedures in die bedryfshandleiding moet aan die toepaslike vereistes voorgeskryf in Dokument SA-CATS 137 voldoen.

Lugvaartuigtoerusting

137.01.4 (1)] Elke eenaar of operateur van 'n lugvaartuig betrokke in landbou- of brandbestrydingsbedryf moet verseker dat die lugvaartuig benewens die toerusting voorgeskryf in Deel 91, beskik oor 'n behoorlik geïnstalleerde skouertuig vir elke persoon aan boord.

(2) 'n Vlieënier van 'n lugvaartuig betrokke in brandbestrydingsbedryf moet verseker dat die lugvaartuig –

- (a) in alle opsigte geskik en diensbaar is om die toepaslike bedryf uit te voer soos in die bedryfshandleiding gespesifiseer; en

- (b) 'n meerdoelige lugvaartuig vir brandbestrydingsgebruik is en vir daardie doel deur die vervaardiger gesertifiseer is;
- (c) met toerusting vir brandbestryding uit die lug toegerus is wat vir die lugvaartuigtipe goedgekeur is; of
- (d) indien nie spesifiek vir brandbestryding uit die lug ontwerp en gebou nie, alle modifikasies deur die Direkteur goedgekeur en gesertifiseer is.

Kommunikasiestelsels

137.01.5 'n Operateur van 'n lugvaartuig betrokke in landbou- of brandbestrydingsbedryf mag die lugvaartuig nie bedryf nie tensy dit toegerus is met middele om tweerigtingkommunikasie tot stand te bring met die afstuursentrum en met ander lugvaartuie wat in dieselfde brandbestrydingsbedryf betrokke is.

SUBDEEL 2: VLIEGREËLS

Toediening van landbou- of brandbestrydingschemikalieë

137.02.1 (1) **[Die]** 'n Vlieënier van 'n lugvaartuig wat 'n landbou- of brandbestrydingschemikalie in 'n landbou- of brandbestrydingsbedryf toedien, moet die **[landbou]**chemikalie slegs toedien –

- (a) vir sy geregistreerde gebruik; en
- (b) ooreenkomstig die veiligheidsvoorskrifte of gebruiksbepelings of die etiket daarvan.

(2) Ondanks die bepalings van subregulasie (1) mag 'n vlieënier, indien die bedryf vir eksperimentele landboukundige doeleindes is, die landboukundige chemikalieë toedien soos nodig vir die betrokke eksperiment –

- (a) onder die toesig van 'n Staatsdepartement wat navorsing in die veld onderneem; of
- (b) ingevolge 'n permit van die toepaslike owerheid wat sodanige chemikalieë beheer.

Rigting van draaie by vliegveld

137.02.2 (1) (1) **[Die]** 'n Vlieënier van 'n lugvaartuig wat 'n landbou- of brandbestrydingsbedryf uitvoer kan in 'n ander rigting draai as daardie voorgeskryf in Deel

91 wanneer nadering gedoen word vir 'n landing by, of na opstygning van, 'n vliegveld, indien –

- (a) die vliegveld uitsluitlik gebruik word vir landboubedryf; of
- (b) in enige ander geval, die vliegveld die sigbare grondsein voorgeskryf in Deel 91 vertoon wat aandui dat 'n landboubedryf onderneem word vanaf daardie vliegveld.

(2) 'n Vlieënier van 'n lugvaartuig wat 'n brandbestrydingsbedryf uitvoer kan in 'n ander rigting draai as daardie voorgeskryf in Deel 91 wanneer nadering gedoen word vir 'n landing by of na opstygning van, 'n vliegveld, indien die vliegveld uitsluitlik vir brandbestrydingsbedryf gebruik word.

Hoogte van draaie by vliegveld

137.02.3 [Die] 'n Vlieënier van 'n lugvaartuig wat 'n landbou- of brandbestrydingsbedryf uitvoer kan 'n draai begin na opstygning van 'n vliegveld op 'n ander hoogte as daardie voorgeskryf in Deel 91 indien –

- (a) die draai nie veroorsaak dat die lugvaartuig oor 'n bevolkte gebied vlieg nie, tensy dit in die belang van die veilige bedryf van die vliegtuig is; en
- (b) die vliegveld –
 - (i) uitsluitlik gebruik word vir landbou- of brandbestrydingsbedryf, na gelang van die geval; of
 - (ii) beskik oor 'n vliegveldbeheerdiens in bedryf en die draai uitgevoer word ooreenkomstig 'n lugverkeerbeheerklaring; of
 - (iii) in enige ander geval, die sigbare grondsein voorgeskryf in Deel 91 vertoon word, wat aandui dat 'n landbou- of brandbestrydingsbedryf onderneem word vanaf daardie vliegveld.

Bedryf sonder posisieligte

137.02.4 Ondanks die bepalings van Deel 91 kan [die] 'n vlieënier van 'n lugvaartuig wat 'n landboubedryf uitvoer, in die nag bedryf sonder lugvaartuigposisieligte indien –

- (a) dit in die belang van lugvaartveiligheid is om die ligte af te skakel as gevolg van bedryfstoestand;
- (b) prominente onverligte voorwerpe sigbaar is vir nie minder as 1 850 meter;
- (c) opstygings en landings by vliegvelde met 'n vliegveldbeheerdiens uitgevoer word ooreenkomstig 'n lugverkeerbeheerklaring; en
- (d) opstygings en landings by ander vliegvelde nie gedoen word nie terwyl ander vliegtuigbedryflugvaartbedryf wat posisieligte vereis aan die gang is by daardie vliegvelde nie.

Bedryf oor bevolkte gebiede

137.02.5 [Die] 'n Vlieënier van 'n lugvaartuig wat [in] 'n landbou- of brandbestrydingsbedryf oor 'n bevolkte gebied uitvoer kan vir die behoorlike voltooiing van die bedryf, onder die minimumhoogte voorgeskryf in Deel 91 vlieg, indien –

- (a) die bedryf onderneem word namens 'n Staatsdepartement of 'n vereniging van brandbestryders;
- (b) vooraf goedkuring van die Direkteur verkry is en die bedryf onderneem word ooreenkomstig voorwaardes en beperkings bepaal deur die Direkteur;
- (c) die bedryf onderneem word op gesag van 'n AOC [operateursertifikaat] soos beoog in regulasie 137.01.3(b). [en
- (d) die houer van die operateursertifikaat voldoen het aan regulasie 137.04.3.]**

Bedryf oor onbevolkte gebiede

137.02.6 Ondanks die bepalings van Deel 91 kan [die] 'n vlieënier van 'n lugvaartuig betrokke in 'n landbou- of brandbestrydingsbedryf gedurende of vir die duur van die bedryf op enige hoogte en teen enige afstand van 'n verspering vlieg, indien –

- (a) die bedryf nie onderneem word oor 'n bevolkte gebied nie;
- (b) die bedryf onderneem word sonder om 'n gevaar te skep vir persone of eiendom op die grond; en
- (c) die hoogte en afstand vir alle naderings, draaie en vertrekke nodig is vir die bedryf.

Brandstofreserwes

137.02.7 (1) Ondanks die bepalings van Deel 91, Deel 96, Deel 121, Deel 127, Deel 128 of Deel 135, na gelang van die geval, moet [die] 'n vlieënier van 'n lugvaartuig wat in 'n landboubedryf betrokke is, verseker dat die lugvaartuig die volgende minimum brandstofreserwes het:

(2) (1) Ondanks die bepalings van Deel 91, Deel 96, Deel 121, Deel 127, Deel 128 of Deel 135, na gelang van die geval, moet [die] 'n vlieënier van 'n lugvaartuig wat in 'n landboubedryf betrokke is, verseker dat die lugvaartuig die volgende minimum brandstofreserwes het:

- (a) vir vliegtuie, 20 minute vliegtyd;
- (b) vir helikopters, 10 minute vliegtyd.

SUBDEEL 3: SPESIALE VLIEGREËLS

Algemeen

137.03.1 Hierdie Subdeel skryf uitsonderinge voor op die algemene bedryfs- en vliegreëls in Deel 1, vir **[die]** 'n vlieënier van 'n lugvaartuig uitgereik met 'n beperkte kategorie lugwaardigheidsertifikaat ingevolg Deel 21, betrokke in landbou- of brandbestrydingsbedryf.

Maksimum gesertifiseerde massa

137.03.2 (1) Ondanks die bepalings van Deel 91 en Deel 135 en behoudens subregulasie (2), mag **[die]** 'n vlieënier van 'n lugvaartuig **[vliegtuig]** betrokke in 'n landbou- of brandbestrydingsbedryf opstyg teen 'n massa groter as die maksimum gesertifiseerde massa gespesifiseer in die lugvaartuigvlieghandleiding indien die vlieënier voldoen aan die vereistes soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS 137.

(2) Wanneer daar 'n derdepartyrisiko soos gespesifiseer in Dokument SA-CATS 137 bestaan, moet 'n vlieënier die maksimum opstygingsmassa bepaal volgens die vereistes voorgeskryf in regulasies 137.03.3 en 137.03.4.

Opstygingsafstand en vliegbaan

137.03.3 (1) Wanneer daar 'n derde party is soos gespesifiseer in Dokument SA-CATS 137 moet **[die]** 'n vlieënier van 'n vliegtuig betrokke in 'n landbou- of brandbestrydingsbedryf ondanks die bepalings van Deel 91 en behoudens subregulasie (2) verseker dat die beskikbare opstygingsafstand groter is as die opstygingsafstand gespesifiseer in die vliegtuigvlieghandleiding vermenigvuldig met 'n faktor van 1,2.

(2) By die berekening van **[die]** 'n opstygingsafstand moet **[die]** 'n vlieënier die volgende faktore in ag neem:

- (a) die massa van die vliegtuig by die aanvang van die opstygingsaanloop;
- (b) die drukhoogte van die vliegveld;
- (c) die omgewingstemperatuur by die vliegveld;
- (d) die aanloopoppervlaktetipe en -toestand;
- (e) die aanloophelling in die rigting van opstyging; en
- (f) hoogstens 50% van die teenwindkomponent of minstens 150% van die meewindkomponent,

(3) (2) Wanneer daar geen derdepartyrisiko is soos gespesifiseer in Dokument SA-CATS 137, word dit nie van **[die]** 'n vlieënier vereis nie, ondanks die bepalings van Deel 91, om te voldoen aan –

- (a) die opstygingsafstand gespesifiseer in die lugvaartuig**[vliegtuig]**vlieghandleiding, en
- (b) waar van toepassing, die opstygingsvliegbaanradiënt gespesifiseer in die lugvaartuig**[vliegtuig]**vlieghandleiding.

Opstygingsvliegbaan

137.03.4 (1) Wanneer daar 'n derdepartyrisiko is soos gespesifiseer in Dokument SA-CATS 137, moet **[die]** 'n vlieënier van 'n vliegtuig betrokke in 'n landbou- of brandbestrydingsbedryf verseker dat, ondanks die bepalings van Deel 91, die opstygingsvliegbaan alle versperrings oorheengaan met –

- (a) 'n vertikale afstand van minstens 50 voet plus 0.025D; of
- (b) 'n sydelingse afstand van minstens 30 meter plus 0.1D;

waar D die horisontale afstand is beweeg deur die vliegtuig van die end van die beskikbare opstygingsafstand.

(2) By die berekening van voldoening aan subregulasie (1) moet **[die]** 'n vlieënier die volgende faktore in ag neem:

- (a) die opstygingsvliegbaan moet begin by 'n hoogte van 50 voet bo die opstygingsoppervlakte aan die end van die opstygingsafstand vereis deur regulasie 137.03.3 (1) en (2) en eindig by 'n hoogte van 500 voet bo die opstygingsoppervlakte;
- (b) die vliegtuig moet nie gekantel word teen 'n hoek groter as 20 grade nie; en
- (c) versperrings met 'n groter sydelingse afstand as 150 meter van die beplande vliegbaan kan geïgnoreer word.

SUBDEEL 4: HANDELSBEDRYF

Rekords

137.04.1 (1) 'n Houer van 'n AOC **[operateursertifikaat]** vir landboubedryf moet die volgende rekords hou by die hoofbedryfsplek –

- (a) die naam en adres van elke kliënt;
- (b) die datum van elke landboubedryf;
- (c) die naam en hoeveelheid van die materiaal toegedien gedurende elke landboubedryf;
- (d) die naam, adres, lisensienommer en graderingsbesonderhede van die betrokke vlieënier;
- (e) die datum waarop die landbouvlëniërsgradering aan die betrokke vlieënier uitgereik is.

(2) Ondanks die bepalings van hierdie Regulasies moet die houer van 'n AOC vir brandbestrydingsbedryf verseker dat die volgende rekords by die afstuurcentrum waarna in regulasie 137.04.2(2) verwys word, beskikbaar is en bygehou word:

- (a) die datum en plek van elke brandbestrydingsbedryf;
- (b) die naam en hoeveelheid van die materiaal toegedien gedurende elke brandbestrydingsbedryf;

(c) die naam van gesagvoerder.

(3) Die rekords waarna in subregulasies (1) en (2) verwys word, moet gehou word vir 'n tydperk van **[minstens 12 maande]** vyf jaar van die datum waarop die bedryf voltooi is.

Bedryf vanaf afgeleë basis en afstuursentrum

137.04.2 (1) [Die] 'n Houer van 'n AOC [bedryfsertifikaat] wat 'n vliegtuig bedryf wat betrokke is in landboubedryf vanaf 'n ander basis as die hoofbedryfsplek, vir 'n tydperk van 14 of meer agtereenvolgende nagte, moet 'n basisvlieënier aanwys wat –

- (a) 'n geldige landbouvlieëniersgradering hou;
- (b) verantwoordelik is vir die bedryf vanaf daardie afgeleë basis; en
- (c) verantwoordelik kan wees om werkroosters te reël en rekords te hou.

(2) 'n Gesagvoerder van 'n lugvaartuig betrokke in 'n brandbestrydingsbedryf moet verseker dat hy of sy met in verbinding is met die betrokke afstuursentrum in die bedryfsgebied ten einde kennis te dra van ander lugvaartuie en gevaarlike situasies in die bedryfsgebied.

(3) Die vereistes van toepassing op die afstuursentrum is voorgeskryf in Dokument SA-CATS 137.

Handelslandboubedryf [Bedryf] oor bevolkte gebiede

137.04.3 (1) [Die] 'n Houer van 'n AOC [operateursertifikaat] wat 'n lugvaartuig betrokke in landboubedryf oor 'n bevolkte gebied wil bedryf, moet –

- (a) 'n bedryfsplan voorberei, tesame met en vir die voorligting van alle personeel en organisasies betrokke in die bedryf, bevattende –
 - (i) oorweging van versperrings vir die vlug,
 - (ii) die noodlandingsvermoëns van die lugvaartuig wat gebruik word; en
 - (iii) **[en]** koördinasie wat nodig is met die betrokke lugverkeerdienseenheid;
- (b) vooraf skriftelike kennis gee aan die plaaslike owerheid binne wie se jurisdiksiegebied die bedryf uitgevoer gaan word;
- (c) kennis van die bedryf gee aan die publiek by wyse van 'n doeltreffende metode;
- (d) maksimum veiligheid verseker vir persone en eiendom op die grond, bestaanbaar met die bedryf; en
- (e) verseker dat die lugvaartuig, binne die voorafgaande 100 uur dienstyd
 - (i) die verpligte periodieke inspeksie ondergaan het; of
 - (ii) geïnspekteer is kragtens 'n progressiewe inspeksieprogram, ooreenkomstig **[die regulasies in]** Deel 43.

Gehaltebestuurstelsel

137.04.4 'n Operateur van 'n lugvaartuig betrokke in handelslandbedryf kragtens hierdie Deel moet 'n gehaltebestuurstelsel hê vir die beheer van en toesig oor die bedryf.

Bedryfshandleiding

137.04.5 (1) 'n Operateur van 'n lugvaartuig betrokke in handelsbedryf kragtens hierdie Deel moet 'n bedryfshandleiding opstel ooreenkomstig die bepalings van hierdie Deel, vir die gebruik en leiding van boordbemannings- en bedryfspersoneel, na gelang van die geval, waarin die wyse waarop sodanige operateur die bedryf sal uitvoer uiteengesit word.

(2) 'n Operateur moet verseker dat die bedryfshandleiding waarna in Deel 96, Deel 121, Deel 127, Deel 128 en Deel 135, na gelang van die geval, die prosedures voorgeskryf in hierdie Deel bevat.

(3) 'n Operateur moet, voordat handelsbedryf kragtens hierdie Deel begin, die bedryfshandleiding in tweevoud aan die Direkteur voorlê vir goedkeuring.

(4) Indien die Direkteur tevrede is dat die operateur aan die bepalings van hierdie Deel voldoen, moet die Direkteur op albei afskrifte van die bedryfshandleiding skriftelik sertifiseer dat sodanige handleiding goedgekeur is en een afskrif van die goedgekeurde handleiding aan die operateur terugstuur.

(5) 'n Operateur van 'n lugvaartuig in handelsbedryf kragtens hierdie Deel moet enige wysiging van die bedryfshandleiding aan die Direkteur voorlê vir goedkeuring.

(6) Indien die Direkteur tevrede is dat die operateur aan die bepalings van hierdie Deel sal voldoen, moet die Direkteur op albei afskrifte van die wysiging van die bedryfshandleiding skriftelik sertifiseer dat sodanige wysiging goedgekeur is en een afskrif van die goedgekeurde wysiging aan die operateur terugstuur.

(7) 'n Operateur moet die lugvaartuig te alle tye ooreenkomstig die goedgekeurde bedryfshandleiding en enige goedgekeurde wysiging daarvan bedryf.

(8) 'n Operateur moet —

- (a) verseker dat alle dele van die handleiding wat vir die uitvoerig van 'n vlug vereis word maklik toeganklik is vir die boordbemanning en die bedryfspersoneel, na gelang van die geval;
- (b) die bedryfshandleiding beskikbaar stel vir gebruik en leiding van bedryfspersoneel, na gelang van die geval;
- (c) die bedryfshandleiding op datum hou; en
- (d) die bedryfshandleiding op 'n veilige plek bewaar.

SUBDEEL 5: OPLEIDING**Opleiding van boordbemanning en bedryfspersoneel**

137.05.1 (1) 'n Operateur van 'n lugvaartuig betrokke in brandbestrydingsbedryf moet verseker dat elke boordbemanningslid en ander bedryfspersoneellede toegewys aan die brandbestrydingsbedryf die aanvanklike of die oprissingsopleiding, na gelang van die geval, suksesvol voltooi het, soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS 137.

(2) Ondanks die bepalings van subregulasie (1) kan 'n persoon wat noodsaaklik is vir die doeleindes van die vlug en nie ooreenkomstig hierdie Regulasies opgelei is nie, op 'n spesifieke brandbestrydingsbedryf geneem word bo en behalwe die gewone brandbestrydingspersoneel ten behoeve van die spesifieke bedryf.

(3) 'n Operateur moet verseker dat alle boordbemanningslede en bedryfspersoneel en die persoon waarin in subregulasie (2) verwys word, na gelang van die geval, wat nie die opleiding soos bedoel in subregulasie (1) voltooi het nie, standaard veiligheidsvoorligting ontvang met betrekking tot die lugvaartuig wat vir die bedryf gebruik gaan word.

(4) Enige opleiding vereis kragtens hierdie Deel moet ooreenkomstig die opleidingsprogram van 'n operateur goedgekeur deur die Direkteur gegee word.

Opleidingsrekords

137.05.2 (1) 'n Operateur van 'n lugvaartuig betrokke in handelsbrandbestrydingsbedryf moet rekord hou van alle opleiding onderneem kragtens hierdie Deel deur die boordbemannings- en bedryfspersoneel in sy of haar diens, hetsy voltyds of deelyds.

(2) Die rekords waarna in subregulasie (1) verwys word bly geldig vir 'n tydperk van 12 maande, bereken vanaf die laaste dag van die maand waarin sodanige opleiding gegee is.

(3) 'n Operateur van 'n lugvaartuig betrokke in handelsbrandbestrydingsbedryf moet die rekords van elke boordbemanningslid en bedryfspersoneel vir 'n tydperk van minstens 12 maande hou, bereken vanaf die datum waarop die boordbemanningslid of bedryfspersoneel die diens van sodanige operateur verlaat het.

SUBDEEL 6: ONDERHOUD**Die onderhoud van lugvaartuie**

137.06.1 Ondanks die bepalings van Deel 43 moet die onderhoud van lugvaartuie betrokke in handelsbrandweerbedryf uitgevoer word ooreenkomstig die vereistes voorgeskryf in Deel 35.”.

Vervanging van Deel 185 van die Regulasies

27. Deel 185 van die Regulasies word hiermee met die volgende Deel vervang:

“DEEL 185: TOEPASSING

SUBDEEL 1: ALGEMEEN

185.01.1 Administratiewe aksie

185.01.2 Oortredings

185.01.3 Vermoedens teen voortdurende oortredings, veelvuldige oortredings en veelvuldige administratiewe boetes

185.01.4 Bewys

SUBDEEL 2: TOEPASSINGSPROSES

185.02.1 Algemeen

185.02.2 Kennisgewing van ondersoek

185.02.3 Kennisgewing van boete

185.02.4 Betekening van dokumente en rekords

185.02.5 Beskerming van inligting

185.02.6 Algemene bepalings met betrekking tot boetes

SUBDEEL 3: BOETES

185.03.1 Boetes

185.03.2 Administratiewe boete

SUBDEEL 4: OPSKORTING, KANSELLASIE, AFGRADERING, ENDOSSSEMENTE EN APPELLE

185.04.1 Opskorting, kansellasie, afgradering of endossement

185.04.2 Appèl teen besluit van gemagtigde beamptes, gemagtigde persone, inspekteurs en wetstoepassingsamptenare

185.04.3 Appèl teen weiering, kansellasië of endossement van mediese sertifikaat of verklaring van ongeskiktheid

185.04.4 Appèlle teen besluite van Direkteur

SUBDEEL 1: ALGEMEEN

Administratiewe aksie

185.01.1 (1) Enige persoon wat 'n oortreding begaan of hierdie reëls oortree kan homself blootstel aan administratiewe of strafregtelike aksie ingevolge hierdie Deel.

(2) Die Direkteur moet 'n stelsel daarstel om onpartydig en administratief billik is op te tree teen enige persoon wat inbreuk maak op of 'n oortreding begaan van die Wet of hierdie Regulasies.

(3) Die Direkteur moet vir gebruik deur en leiding van gemagtigde beamptes, inspekteurs, gemagtigde persone en wetstoepassingsamptenare 'n toepassingsprosedure publiseer wat die wyse voorskryf waarop wetstoepassingsaksies, -pligte en -verantwoordelikhede uitgevoer moet word.

Oortredings

185.01.2 'n Persoon begaan 'n oortreding indien die persoon –

- (a) 'n gemagtigde beampte, inspekteur of gemagtigde persoon hinder of dwarsboom in die uitoefening van sy of haar bevoegdhede of die uitvoering van sy of haar pligte;
- (b) weier of versuim om op versoek van 'n gemagtigde beampte, inspekteur of gemagtigde persoon sy of haar naam en adres te verstrek of 'n vals naam of adres verstrek;
- (c) enige persoon wat handel in die uitoefening of uitvoering van enige voorregte, bevoegdhede of pligte wat deur of kragtens die Regulasies aan hom of haar verleen word, dwarsboom of hinder;
- (d) Hetsy mondelings of skriftelik enigeen van die volgende doen:
 - (i) enige bedrieglike, misleidende of valse verklaring aflê ten einde 'n lisensie, gradering, sertifikaat, permit, goedkeuring, magtiging, vrystelling of ander dokument kragtens die Regulasies te verkry;
 - (ii) enige bedrieglike, misleidende of valse inskrywing maak in enige logboek, rekord of verslag wat gehou, bygehou, gemaak of gebruik moet word om voldoening aan enige bepaling in die Regulasies te toon;

- (e) enige lisensie, gradering, sertifikaat, permit, goedkeuring, magtiging, vrystelling of ander dokument uitgereik kragtens die Regulasies vervals, namaak, verander, skend of vermink of enigiets daaraan toevoeg;
- (f) enige handeling verrig of laat verrig wat strydig is met enige bepaling van die Regulasies of toelaat dat dit verrig word, of versuim om te voldoen aan enige bepaling van die Regulasies of aanwysing gegee, verbod uitgevaardig of voorwaarde opgelê of reël, bevel of voorskrif wat ingevolge daarvan uitgereik is;
- (g) enige voorreg uitoefen wat verleen word deur enige lisensie, gradering, sertifikaat, permit, goedkeuring, magtiging, vrystelling of ander dokument wat uitgereik word kragtens die Regulasies, of daarvan gebruik maak, maar waarvan hy of sy nie die houër is nie;
- (h) tensy anders gemagtig in die Regulasies, toelaat dat 'n lisensie, gradering, sertifikaat, permit, goedkeuring, magtiging, vrystelling of ander dokument uitgereik kragtens die Regulasies en waarvan hy, sy of dit die houër is, of 'n voorreg wat daardeur verleen word, deur enige ander persoon uitgeoefen word;
- (i) enige lugvaartuig waarvoor geen geldige registrasiesertifikaat en geldige lugwaardigheidssertifikaat uitgereik is nie, bedryf of probeer bedryf;
- (j) enige daad verrig, hetsy deur inmenging met enige boordbemanninglid, ATS-personeellid of AME, deur te peuter aan enige lugvaartuig of enige deel daarvan, of deur wanordelike gedrag of andersins, wat waarskynlik die veiligheid van enige lugvaartuig of sy insittendes in gevaar sal stel;
- (k) sonder die toestemming van 'n vliegveld- of helihawe-operateur enige plek binne die grense van 'n gelisensieerde vliegveld of helihawe betree wat gesluit is vir die publiek;
- (l) vals inligting verstrek met betrekking tot die ondersoek van enige lugvaarongeluk of -voorval; en
- (m) enige bepaling van die Wet en hierdie Regulasies oortree.

Vermoedens teen voortgaande oortredings, veelvuldige oortredings en veelvuldige administratiewe boetes

185.01.3 By die bepaling of 'n oortreding begaan is en die oplegging van die gepaste administratiewe boete moet veronderstel word dat elke geval van nievoldoening wat op **dieselfde of soortgelyke feite of opset** steun, een enkele oortreding vorm sodat slegs een administratiewe boetebedrag soos in Tabel 1 of 2 vir sodanige begane oortreding opgelê moet word.

Bewys

185.01.4 In 'n strafsak ingevolge die regulasies –

- (a) moet 'n skriftelike verklaring gesertifiseer en onderteken deur die Direkteur dat 'n lisensie, gradering, sertifikaat, permit, goedkeuring of vrystelling, na gelang van die geval, nie aan 'n spesifieke persoon verleen of uitgereik is nie, by die blote aanbieding daarvan as *prima facie*-bewys van die feite daarin vermeld, aanvaar word;
- (b) moet 'n dokument waarvan die Direkteur sertifiseer dat dit 'n afskrif van 'n lisensie, sertifikaat, permit, magtiging of vrystelling is en wat deur hom onderteken is, by die blote aanbieding daarvan aanvaar word as *prima facie*-bewys van die feit dat die persoon wie se naam op daardie afskrif verskyn as houer van die lisensie, sertifikaat, permit, magtiging of vrystelling, na gelang van die geval, die houer van die lisensie, sertifikaat, permit, magtiging of vrystelling was ten tye dat die oortreding begaan is;
- (c) moet 'n dokument waarvan die Direkteur sertifiseer dat dit 'n uittreksel is of 'n afskrif onderteken deur die Direkteur van enige register wat ingevolge hierdie Regulasies in stand gehou word, by die blote aanbieding daarvan aanvaar word as *prima facie*-bewys van die feite daarin vermeld; en
- (d) moet getuienis gelewer deur 'n wetstoepassingsamptenaar en verkry met behulp van gespesialiseerde toerusting soos weegskale, video-opnemers, klein sakopnemerapparate, navigasie- en kommunikasiesendontvangers en sekondêre toerusting bewys word ingevolge die Strafproseswet, 1977 (Wet No. 51 van 1977) en die gemeenregtelike reëls vir getuienis.

SUBDEEL 2: TOEPASSINGSPROSES

Algemeen

185.02.1 'n Wetstoepassingsamptenaar kan administratiewe optrede instel wat kan lei tot die oplegging van 'n boete voorgeskryf in Regulasie 185.03.1 wanneer daar, volgens 'n oorwig van waarskynlikheid, vasgestel word dat die gedrag van 'n persoon of entiteit 'n oortreding daarstel en dat sodanige optrede grof nalatig of opsetlik was.

Kennisgewing van ondersoek

185.02.2 (1) 'n Wetstoepassingsamptenaar moet op die toepaslike vorm 'n beweerde oortreder kennis gee van voorgenome ondersoek wat –

- (a) die aard van die beweerde begane oortreding spesifiseer;
- (b) getuienis insluit waarop gesteun word wat betrekking op die beweerde oortreding het;
- (c) die beweerde oortreder uitnoui om óf mondelings óf skriftelik binne 30 dae na die uitreiking of betekening van die kennisgewing voorleggings te doen.

(2) Na 'n ondersoek moet 'n wetstoepassingsamptenaar die beweerde oortreder van die uitkoms van sodanige ondersoek inlig, hetsy deur kennis van geen verdere optrede te

gee of deur aan die oortreder kennis te gee van die toepaslike boete soos voorgeskryf in Regulasie 185.03.01.

Strafkennisgewing

185.02.3 (1) 'n Wetstoepassingsamptenaar moet 'n strafkennisgewing op die toepaslike vorm uitreik indien hy of sy na afloop van 'n ondersoek tevrede is dat die beweerde oortreder die oortreding begaan het.

(2) 'n Strafkennisgewing moet –

- (a) die aard van die beweerde begane oortreding spesifiseer;
- (b) getuienis insluit waarop gesteun word wat betrekking op die beweerde oortreding het;
- (c) die administratiewe boete betaalbaar vir die oortreding spesifiseer;
- (d) die beweerde oortreder uitnoui om óf mondelings óf skriftelik voorleggings met betrekking tot die bewerings te doen of om binne 30 dae na die uitreiking of betekening van die kennisgewing die geldboete te betaal; en
- (e) die regte en verpligtinge met betrekking tot die kennisgewing spesifiseer.

(3) Indien 'n beweerde oortreder die administratiewe boete waarna in subregulasie (2) verwys word, betaal –

- (a) word aanvaar dat enige aanspreeklikheid van die beweerde oortreder gespesifiseer in die kennisgewing, afgelos is; en
- (b) word die beweerde oortreder nie langer as skuldig bevind aan 'n oortreding beskou nie.

Betekening van dokumente en rekords

185.02.4 (1) Enige kennisgewing wat ingevolge hierdie subdeel aan 'n individu beteken word, moet beteken word –

- (a) deur dit persoonlik aan 'n persoon te gee;
- (b) deur dit te laat by of per geregistreerde pos te stuur na die individu se laaste huis- of besigheidsadres wat aan die Direkteur of die wetstoepassingsamptenaar bekend was;
- (c) deur dit by die laaste woon- of besigheidsadres wat aan die Direkteur of die wetstoepassingsamptenaar bekend was, aan 'n individu te gee wat ouer as 16 jaar is of redelikerwys skyn te wees en skynbaar 'n bewoner is van of werksaam is by daardie plek;
- (d) dit na die individu se laaste bekende e-posadres te stuur.

(2) Enige kennisgewing wat ingevolge hierdie subdeel aan 'n entiteit beteken word, moet beteken word –

- (a) deur dit per geregistreerde pos na die hoofkantoor, geregistreerde kantoor, hoofbesigheidsplek of ander posadres van die entiteit te stuur;
- (b) deur dit by die laaste woonhuis- of besigheidsadres wat aan die Direkteur of die wetstoepassingsamptenaar bekend was, aan 'n individu te gee wat ouer as 16 jaar is of redelikerwys skyn te wees en skynbaar 'n bewoner is van of werksaam is by daardie plek;
- (c) deur dit na die laaste bekende e-posadres van die entiteit of 'n verteenwoordiger van die entiteit te stuur.

(3) Die Direkteur moet verseker dat –

- (a) behoorlik rekord op die Owerheid se perseel gehou word van alle wetstoepassingsaksies wat ingevolge hierdie regulasie onderneem word; en
- (b) afskrifte van alle kennisgewings uitgereik, verslae geskryf en besluite geneem in verband met enige beweerde oortreding en enige ondersoek ingestel ingevolge hierdie Deel op die individu of entiteit se lêer behou word.

Beskerming van inligting

185.02.5 Geen inligting wat deur die vrywillige rapporteringstelsel voorgeskryf in Deel 140 verkry is, mag in enige wetstoepassingsaksie wat ingevolge hierdie Deel geneem word, teen die persoon wat sodanige inligting rapporteer, gebruik word nie.

Algemene bepalings met betrekking tot boetes

185.02.6 (1) Niks in hierdie Deel –

- (a) verhoed die betekening van 'n strafkennisgewing aan 'n individu of entiteit vir herhaling van 'n oortreding nie;
- (b) beperk die boetebedrag wat deur 'n hof, onderhewig aan sy strafbevoegdheid, aan 'n individu of entiteit wat aan 'n voorgeskrewe oortreding skuldig bevind is, opgelê kan word nie;
- (c) beperk die Direkteur in die uitoefening van enige ander magte wat elders in hierdie Regulasies aan hom of haar verleen word nie.

SUBDEEL 3: BOETES

Boetes

185.03.1 Die volgende strawwe kan na 'n ondersoek aan 'n oortreder opgelê word:

- (a) verbale berading;
- (b) waarskuwingsbrief;
- (c) remediërende opleiding;
- (d) administratiewe boetes; en

(e) opskorting, afgradering, endossement of kansellasië.

Administratiewe boete

185.03.2 (1) 'n Administratiewe boete opgelê ooreenkomstig regulasie 185.03.1 moet pas by die ernstigheid van die oortreding en mag nie die bedraë voorgeskryf in Tabel 1 of 2, na gelang van die geval, oorskryf nie.

Tabel 1:

<u>MAKSIMUM ADMINISTRATIEWE BOETES: NATUURLIKE PERSONE</u>			
<u>REGULASIE</u>	<u>1STE OORTREDING</u>	<u>2DE OORTREDING</u>	<u>3DE OORTREDING</u>
<u>185.01.2(a)</u>	<u>R5 000</u>	<u>R10 000</u>	<u>R16 000</u>
<u>185.01.2(b)</u>	<u>R5 000</u>	<u>R10 000</u>	<u>R16 000</u>
<u>185.01.2(c)</u>	<u>R5 000</u>	<u>R10 000</u>	<u>R16 000</u>
<u>185.01.2(d)</u>	<u>R10 000</u>	<u>R20 000</u>	<u>R32 000</u>
<u>185.01.2(e)</u>	<u>R10 000</u>	<u>R20 000</u>	<u>R32 000</u>
<u>185.01.2(f)</u>	<u>R10 000</u>	<u>R20 000</u>	<u>R32 000</u>
<u>185.01.2(g)</u>	<u>R10 000</u>	<u>R20 000</u>	<u>R32 000</u>
<u>185.01.2(h)</u>	<u>R10 000</u>	<u>R20 000</u>	<u>R32 000</u>
<u>185.01.2(i)</u>	<u>R10 000</u>	<u>R20 000</u>	<u>R32 000</u>
<u>185.01.2(j)</u>	<u>R10 000</u>	<u>R20 000</u>	<u>R32 000</u>
<u>185.01.2(k)</u>	<u>R5 000</u>	<u>R10 000</u>	<u>R16 000</u>
<u>185.01.2(l)</u>	<u>R10 000</u>	<u>R20 000</u>	<u>R32 000</u>
<u>185.01.2(m)</u>	<u>Diskresionêr</u>	<u>Diskresionêr</u>	<u>Diskresionêr</u>

Tabel 2:

<u>MAKSIMUM ADMINISTRATIEWE BOETES: REGSPERSONE</u>			
<u>REGULASIE</u>	<u>1STE OORTREDING</u>	<u>2DE OORTREDING</u>	<u>3DE OORTREDING</u>
<u>185.01.2(a)</u>	<u>R16 000</u>	<u>R32 000</u>	<u>R64 000</u>
<u>185.01.2(b)</u>	<u>R16 000</u>	<u>R32 000</u>	<u>R64 000</u>

<u>185.01.2(c)</u>	<u>R16 000</u>	<u>R32 000</u>	<u>R64 000</u>
<u>185.01.2(d)</u>	<u>R24 000</u>	<u>R48 000</u>	<u>R96 000</u>
<u>185.01.2(e)</u>	<u>R24 000</u>	<u>R48 000</u>	<u>R96 000</u>
<u>185.01.2(f)</u>	<u>R24 000</u>	<u>R48 000</u>	<u>R96 000</u>
<u>185.01.2(g)</u>	<u>R40 000</u>	<u>R80 000</u>	<u>R160 000</u>
<u>185.01.2(h)</u>	<u>R40 000</u>	<u>R80 000</u>	<u>R160 000</u>
<u>185.01.2(i)</u>	<u>R40 000</u>	<u>R80 000</u>	<u>R160 000</u>
<u>185.01.2(j)</u>	<u>R24 000</u>	<u>R48 000</u>	<u>R96 000</u>
<u>185.01.2(k)</u>	<u>R16 000</u>	<u>R32 000</u>	<u>R64 000</u>
<u>185.01.2(l)</u>	<u>R10 000</u>	<u>R20 000</u>	<u>R32 000</u>
<u>185.01.2(m)</u>	<u>Discretionary</u>	<u>Discretionary</u>	<u>Discretionary</u>

(2) Indien enige persoon versuim om 'n administratiewe boete te betaal wat aan daardie persoon opgelê word ingevolge hierdie Deel, kan die Direkteur in 'n siviele geding in 'n bevoegde hof sodanige administratiewe boete van sodanige persoon verhaal soos voorgeskryf in artikel 144 van die Wet.

SUBDEEL 4: OPSKORTING, KANSELLASIE, AFGRADERING, ENDOSSEMENTE EN APPELLE

Opskorting, kansellasië, afgradering of endossement

185.04.1 'n Gemagtigde beampte, inspekteur of gemagtigde persoon kan 'n registrasie, sertifikaat, goedkeuring, lisensie of magtiging uitgereik ingevolge hierdie Regulasies endosseer, opskort, afgradeer of verander, indien –

- (a) 'n onmiddellike endossement, opskorting, afgradering of verandering in belang van lugvaartveiligheid nodig is;
- (b) 'n gemagtigde beampte, inspekteur of gemagtigde persoon verhoed word deur die houer van die registrasie, sertifikaat, goedkeuring, lisensie of magtiging om enige veiligheids- of sekuriteitsinspeksie of -oudit uit te voer of om enige funksies te verrig wat die gemagtigde beampte, inspekteur of gemagtigde persoon toegelaat word om te verrig ingevolge die Wet en hierdie Regulasies; of
- (c) dit duidelik is dat die houer van 'n registrasie, sertifikaat, goedkeuring, lisensie of magtiging nie voldoen aan die toepaslike vereistes wat in die Regulasies voorgeskryf word nadat sodanige persoon minstens 14 dae gegee is om daaraan te voldoen.

(2) 'n Kennisgewing van endossement, opskorting, afgradering of verandering moet skriftelik gegee word en voldoen aan die bepalings van artikel 117 van die Wet.

(3) 'n Gemagtigde beampte, inspekteur of gemagtigde persoon wat 'n registrasie, sertifikaat, goedkeuring, lisensie of magtiging geëndosseer, opgeskort, afgegradeer of verander het, moet binne 7 dae 'n skriftelike verslag by die Direkteur indien met 'n bewys dat 'n afskrif daarvan aan die betrokke persoon gelewer is en die redes verklaar waarom, volgens sy of haar mening, sodanige registrasie, sertifikaat, goedkeuring, lisensie of magtiging gekanselleer moet word.

Appèl teen besluite van gemagtigde beamptes, gemagtigde persone en inspekteurs

185.04.2 (1) 'n Persoon wie se regte nadelig geraak is deur 'n administratiewe aksie wat 'n inspekteur, 'n gemagtigde beampte, gemagtigde persoon of wetstoepassingsamptenaar ingevolge die Wet of hierdie Deel geneem het mag, na betaling van die bedrag voorgeskryf in Deel 187, teen sodanige besluit appelleer.

(2) 'n Appèl ingevolge subregulasie (1) moet binne 30 dae nadat redes vir die besluit verstrek is, by die Direkteur ingedien word.

(3) Die Direkteur moet binne drie dae na ontvangs van sodanige appèl die besluit skriftelik bevestig, wysig of terugtrek.

(4) Die Direkteur moet binne 14 dae skriftelike redes aan die appellant verstrek vir enige besluit wat ingevolge subregulasie (3) geneem is.

(5) Enige persoon wat deur 'n besluit geneem ingevolge subregulasie (3) benadeel is, mag binne vyf dae na ontvangs van die redes waarna in subregulasie (3) verwys word, teen sodanige besluit by 'n appèlkomitee soos bedoel in artikel 122 van die Wet appelleer.

(6) Wanneer die Direkteur die appèl bedoel in subregulasie (3) beoordeel, kan die Direkteur die appellant –

- (a) 'n redelike geleentheid bied om verhoë te rig;
- (b) die geleentheid bied om inligting en argumente aan te bied en te betwis; en
- (c) die geleentheid bied om persoonlik te verskyn.

(7) Die Direkteur kan, wanneer goeie rede aangedui word, enige nievoldoening in die tydperk bedoel in subregulasie (1) verskoon.

(8) (a) Indien die Direkteur enige besluit van 'n gemagtigde beampte, inspekteur, of gemagtigde persoon ter syde stel, moet die bedrag waarna in subregulasie (1) verwys word, aan die appellant terugbetaal word.

(b) Indien die Direkteur enige sodanige besluit verander, mag hy of sy opdrag gee dat die hele of enige deel van sodanige bedrae aan die appellant terugbetaal word.

(9) 'n Appèl wat ingevolge hierdie deel aangeteken word, skort nie die besluit van die gemagtigde beampte, inspekteur, of gemagtigde persoon op nie.

Appèl teen weiering, kansellasië of endossement van mediese sertifikaat of verklaring van ongeskiktheid

185.04.3 (1)(a) 'n Aansoeker om, of houer van, enige klas mediese sertifikaat wat benadeel voel deur –

- (i) 'n besluit van die aangewese liggaam om sy of haar mediese sertifikaat te kanselleer;
- (ii) 'n besluit van 'n aangewese lugvaart mediese ondersoeker wat hom of haar ongeskik of tydelik ongeskik verklaar;
- (iii) enige endossement deur die aangewese liggaam of instansie op sy of haar mediese sertifikaat aangebring;
- (iii) enige endossement deur 'n aangewese lugvaart mediese ondersoeker op sy of haar mediese sertifikaat aangebring;

mag teen sodanige besluit of endossement by die Direkteur appelleer sodra die bedrag in Deel 187 voorgeskryf, betaal is.

(b) 'n Appèl waarna in subregulasie (1) verwys word, moet op die toepaslike vorm aangeteken word binne 60 dae –

- (i) na ontvangs van die redes vir die besluit; of
- (ii) nadat die aansoeker bewus geword het van sodanige besluit of endossement.

(2) 'n Appèl wat ingevolge hierdie subregulasie aangeteken word, moet deur die Direkteur oorweeg en beslis word, bygestaan deur minstens twee mediese praktisyns, waarvan een ondervinding van lugvaartmedisyne moet hê.

(3) 'n Appèl wat ingevolge subregulasie (2) aangeteken word, moet binne 60 dae na ontvangs daarvan deur die Direkteur oorweeg en beslis word.

(4) Na oorweging van 'n appèl mag die Direkteur die besluit ten opsigte waarvan die appèl aangeteken is, bevestig of sodanige ander besluit neem wat die Direkteur billik mag ag.

(5) Die Direkteur moet binne 14 dae skriftelike redes aan die appellant verstrek vir enige besluit wat ingevolge subregulasie (4) geneem is.

(6) 'n Persoon wat ingevolge subregulasie (1) appelleer, is geregtig op regsverteenvoordinging.

(7) Die Direkteur mag, wanneer goeie rede aangedui word, enige nievoldoening in die tydperk bedoel in subregulasie (1) verskoon.

(8) 'n Appèl wat ingevolge hierdie deel aangeteken word, skort nie die besluit of endossement op ten opsigte waarvan die appèl aangeteken word nie.

Appeals against decisions of Director

185.04.4 (1) Enige persoon wat benadeel voel deur 'n besluit wat die Direkteur geneem het waarna in subregulasies (2)(a) tot (e) verwys word, mag binne 30 dae na ontvangs van die redes vir die besluit 'n skriftelike appèl by die appèlkomitee ingestel ingevolge artikel 122 van die Wet aanteken.

(2) Enige persoon of entiteit, na gelang van die geval, mag appèl aanteken teen –

- (a) 'n besluit of besluite geneem ingevolge artikels 98(5) en 118(3) van die Wet;
- (b) 'n besluit deur die Direkteur om –
 - (i) sodanige persoon se aansoek om vrystelling, registrasie, lisensie, sertifikaat, goedkeuring of magtiging te weier of om een of meer persone aan te wys as inspekteurs, gemagtigde beamptes of persone ingevolge die Wet;
 - (ii) onderhewig aan enige voorwaarde of beperking, sodanige persoon se vrystelling, registrasie, lisensie, sertifikaat, goedkeuring of magtiging, uit te reik ingevolge die Wet;
 - (iii) sodanige persoon se vrystelling, registrasie, lisensie, sertifikaat, goedkeuring of magtiging op te skort, te kanselleer of te verander ingevolge die Wet;
- (c) 'n besluit geneem ten opsigte van die aanwysing of terugtrekking van 'n aanwysing as inspekteurs, gemagtigde beamptes of gemagtigde persone bedoel in artikel 88(1) van die Wet;
- (d) 'n besluit om te weier om die bevel om 'n lugvaartuig op die grond te hou soos bedoel in Artikel 115(2) van die Wet, op te hef;

- (e) enige besluit geneem ingevolge artikel 130 van die Wet;
- (f) die uitreiking, wysiging of terugtrekking van tegniese standaarde vir burgerlugvaart ingevolge artikel 163.

Vervanging van regulasie 187.02.1 van die Regulasies

28. Regulasie 187.02.1 van die Regulasies word hiermee met die volgende regulasie vervang:

“Aanspreeklikheid vir die betaling van 'n burgerlugvaartowerheidsheffing vir passasiersveiligheid

187.02.1 (1) 'n Burgerlugvaartowerheidsheffing van R20.23 is betaalbaar deur **[lugvaartuig]** betalpligtige passasiers wat met 'n lugvaartuig vertrek van 'n vliegveld binne die Republiek **[van Suid-Afrika]** op 'n geskeduleerde openbare vlug of deel van 'n vlug na 'n bestemming binne of buite die gebied van die Republiek [Republiek van Suid-Afrika].

(2) Die burgerlugvaartowerheidsheffing vir passasiersveiligheid word in die prys betaalbaar vir die betrokke vliegkaartjie ingesluit.

(3) Belasting op toegevoegde waarde is nie op die burgerlugvaartowerheidsheffing vir passasiersveiligheid betaalbaar nie.

(4) Die volgende passasiers is nie betaalpligtige passasiers vir die doeleindes van die burgerlugvaartowerheidsheffing vir passasiersveiligheid nie:

(a) 'n passasier wat nie meer as twee jaar oud is nie;

(b) 'n passasier wat slegs vervoer word om sake met betrekking tot die lugvaartuig of die bemanning te inspekteer, en

(c) 'n passasier wat in transito is en nie uit die lugvaartuig gestap het nadat sodanige lugvaartuig geland het nie, en aan boord van sodanige lugvaartuig gebly het totdat sodanige lugvaartuig opgestyg het.

(5) Die bepalings van subregulasie (1) is nie op 'n botallige van toepassing nie.

Kort titel en aanvangsdatum

29. Hierdie Wysiging staan bekend as die Vyftiende Wysiging van die Burgerlugvaartregulasies, 2017 en tree in werking 30 dae na die datum van publikasie in die Staatskoerant.

DEPARTMENT OF TRANSPORT

NO. R. 587

23 JUNE 2017

**PROPOSAL FOR AMENDMENT OF THE MORTGAGING OF AIRCRAFT REGULATIONS,
2017**

The Minister of Transport hereby invites interested persons or bodies to provide written comments on the Regulations made in terms of section 14 of the Convention on the International Recognition of Rights in Aircraft Act, 1993 (Act No. 59 of 1993), as set out in the Schedule hereto.

The closing date for comments on the Regulations is 30 days from the date of publication of this Notice in the Gazette.

Comments may be submitted in writing to:

Postal address: Director of Civil Aviation
 Private Bag X 73
 Halfway House
 1685

Or by email to: sonjanim@caa.co.za; skosanas@caa.co.za

SCHEDULE

GENERAL EXPLANATORY NOTE:

[] Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing regulations.

_____ Words underlined with a solid line indicate insertions in existing regulations.

1. PROPOSAL FOR AMENDMENT OF THE MORTGAGING OF AIRCRAFT REGULATIONS (“the Regulations”)

It is hereby proposed to amend the Regulations by the substitution for the word “Commissioner for Civil Aviation” of the word “Director of Civil Aviation” wherever it appears.

2. PROPOSAL FOR AMENDMENT OF REGULATION 1 OF THE REGULATIONS

It is hereby proposed to amend regulation 1 by the substitution for the definition of “company” of the following definition:

““**company**” means a company as defined in section 1 of the Companies Act, [1973 (Act No. 61 of 1973)] 2008 (Act No. 71 of 2008)”.

3. PROPOSAL FOR SUBSTITUTION OF REGULATION 8 OF THE REGULATIONS

It is hereby proposed to substitute the following regulation for regulation 8 of the Regulations:

“8. Fees

The following fees shall be payable when application is made for: R

(a) the recording of a mortgage in the register of aircraft mortgages	[1 100,00] <u>1 731,00</u>
(b) a notification of the discharge of a mortgage	[1 100,00]

	<u>1 731,00</u>
(c) a transfer of mortgage by deed of cession	[1 100,00] <u>1 731,00</u>
(d) a declaration of transmission of rights in a mortgage	[1 100,00] <u>1 731,00</u>
(e) a certificate of mortgage	[820,00] <u>1 290,00</u>
(f) access to the register of aircraft mortgages	[140,00] <u>220,00</u>
(g) the furnishing of information from the register of aircraft mortgages, <u>per page</u> [(R1,00 per page up to a maximum of R200,00)]	[200,00] <u>1.50</u>

MOTIVATION

The Mortgaging of Aircraft Regulations regulates the process of registering, transferring and discharging of mortgages and the fees connected therewith. The Regulations were last amended in 2008 and certain provisions thereof, in particular the fees, have become outdated. The proposal is intended to amend the fees relating to mortgaging by a CPI factor dating back to the last amendment in 2008.

WARNING!!!

To all suppliers and potential suppliers of goods to the Government Printing Works

The Government Printing Works would like to warn members of the public against an organised syndicate(s) scamming unsuspecting members of the public and claiming to act on behalf of the Government Printing Works.

One of the ways in which the syndicate operates is by requesting quotations for various goods and services on a quotation form with the logo of the Government Printing Works. Once the official order is placed the syndicate requesting upfront payment before delivery will take place. Once the upfront payment is done the syndicate do not deliver the goods and service provider then expect payment from Government Printing Works.

Government Printing Works condemns such illegal activities and encourages service providers to confirm the legitimacy of purchase orders with GPW SCM, prior to processing and delivery of goods.

To confirm the legitimacy of purchase orders, please contact:

Renny Chetty (012) 748-6375 (Renny.Chetty@gpw.gov.za),

Anna-Marie du Toit (012) 748-6292 (Anna-Marie.DuToit@gpw.gov.za) and

Siraj Rizvi (012) 748-6380 (Siraj.Rizvi@gpw.gov.za)

Printed by and obtainable from the Government Printer, Bosman Street, Private Bag X85, Pretoria, 0001
Contact Centre Tel: 012-748 6200. eMail: info.egazette@gpw.gov.za
Publications: Tel: (012) 748 6053, 748 6061, 748 6065